# Lesing 1 - Die ontstaan van ons aarde - die verskillende skeppingsperiodes:

## Lesing 29 April 2017

**Gen 1:1** IN die begin het Elohim die Hemele en die Aarde geskape. [JeshaJaH 66:1; 2 Ezra 6:38; Psalm 85:11]

Gen 1:2 En die Aarde, sy het verwoes en vormloos geword, en Duisternis was op die aangesig van die Afgrond, en die Gees van Elohim het gesweef oor die aangesig van die waters. [JeshaJaH 45:18; Prediker 3:11]

**Isa 45:18** Want so sê JaHWeH, wat die Hemele geskape het **-** Hy is die Elohim! **-** wat die Aarde geformeer en haar gemaak het **-** Hy het haar bevestig; **Hy het haar nie geskape om leeg te wees nie, [**maar] haar geformeer om bewoon te word **-** Ek **-** JaHWeH, en daar is geen ander nie. [Génesis 1:2]

Ecc 3:11 Alles het Hy mooi gemaak op Sy tyd; ook het Hy die tyd in hulle hart gelê sonder dat die adamiet die werk wat die Elohim doen, van begin tot end, kan uitvind. [Génesis 1:2]

### *Oor die natuurwetenskaplike inhoud van die sesde en sewende boek van Moses. Die ouderdom van die aarde.*

**Uit Groot Joh Evang Boek 8** Hfs 70 [6] Dat hierdie aarde `n dermate hoë leeftyd het dat julle die aantal jare wat dit bestaan, nie kan begryp nie, ook al sou Ek dit aan julle meedeel, het Ek julle al op die Olyfberg laat sien. Maar om kort te wees: As hemelliggaam bestaan die aarde vir julle begrippe al byna oneindig lank en het baie veranderinge op haar oppervlak moes ondergaan totdat sy haar huidige gedaante aangeneem het. Vuur, water, aardbewings en ander groot storms, veral in haar oertyd, was die handlangers wat volgens My wil dit van haar gemaak het wat sy nou is. En sodat haar voortbestaan nog geskikter kan word vir die tydelike voed van nog baie meer mense en ander skepsele, moet vuur, oorstrominge, aardbewinge en klein en groot storms nog steeds in haar woed, en op haar en bo haar werksaam wees, na gelang dit nodig is."

### *Die eerste twee ontwikkelingsperiodes van die aarde*

**71** (**Die Meester**:) "Toe die aarde in haar oertyd nog maar sover uitgegroei was dat slegs enkele groter en kleinere eilande hulle bo haar water verhef het, wat met slik van die see bedek was, het Ek vinnig vanuit My wysheid en My wil allerlei plantesade in die vrugbare slik geplaas. En kyk, toe raak dergelike eilande toe ook weldra begroeid, en wel eers met allerlei seldsame grassoorte, kruie en met klein en later ook buitengewone groot bome!

[2] Toe die eilande so begroei was, lê Ek vervolgens ook eiers of sade in vir die vorming van `n dierewêreld, wat geskik sou wees vir so `n toestand op die aarde, wat eers slegs uit allerlei klein en daarna groter wurms bestaan het, vervolgens uit insekte en ten slotte, toe die droër geworde bodem reeds voedsel in oorvloed gehad het, ook uit reusagtige groot diere; hulle taak was om hulle met die nog baie growwe kruie en boomtakke te voed, en die bodem meer en meer met hulle mis te bemes en ten slotte ook met hulle gestorwe reusagtige groot liggame, waarvan julle van die bene ook nog oorblyfsels kan vind in die diep gate en skagte van die aarde.

[3] Uit die vergaan van sulke diere ontwikkel daar volgens My wil ook weer `n groot aantal nuwe diere, in die vorm van kleiner en groter wurms en daaruit weer allerlei insekte.

[4] Laat ons dit nou `n afsonderlike ontwikkelingsperiode van die aarde noem. Maar dit spreek natuurlik vanself dat die aardliggaam vooraf al byna tallose kere allerlei vroeëre veranderinge moes ondergaan, omdat hierdie toestand nooit sonder hierdie prosesse kon plaasvind nie. Maar al dergelike gebeurtenisse gaan julle net so min aan as byvoorbeeld die koringsaad wat in die aarde ingelê word tot op die oomblik dat `n baie bruikbare, geheel ryp en geseënde vrug uiteindelik uit die kiem tevoorskyn kom. Kortom, Ek het julle nou die aarde getoon in haar eerste bevrugtings- en bloeiperiode, waarin daar in die boonste laag van haar bodem allerlei sade vir kruie en bome gelê was en eiers vir allerlei diere, en vir dit alles was die basis reeds lank daarvoor in die water gelê; want bepaalde en baie uiteenlopende waterplante en -diere is duidelik in alle opsigte baie ouer as die diere van die vaste aarde en die diere van die lug.


[5] Julle het nou in My woorde die eerste vorming van `n vrugbare bodem aanskou, en daarby moet julle julleself voorstel dat daar vir beter diere, laat staan vir `n mens, op hierdie vrugbare oerbodem geen bestaansmoontlikheid was nie. Maar hierdie suur toestand was nietemin noodsaaklik, omdat daar sonder hierdie toestand geen tweede en meer volmaakte kon volg nie, ewemin as wat daar sonder die voorafgaande skraal suur knop nooit `n ryper en uiteindelik heeltemal ryp vrug aan `n boom tevoorskyn kan kom nie.

[6] Maar vir die rypword van `n boomvrug is daar na die vorming van die skraal suur knop tog seker nog `n aantal ontwikkelingstappe nodig, wat natuurlik net My oog presies kan waarneem; en dit is sekerlik by die rypingsproses van `n hemelliggaam, eens te meer absoluut noodsaaklik die geval.

[7] Ons het nou die ontwikkeling van die aarde gesien tot op die stadium van `n skraal suur knop. Wat gebeur daar eintlik by `n boom in die vroeë voorjaar, wanneer die skraal suur knop heeltemal opswel en groen en sappig word? Kyk, dit spring oop, van binne af daartoe aangesit, werp haar eerste omhulling in `n sekere sin oorboord in die see van verganklikheid en oplossing, en ontplooi haar tot `n groter volmaaktheid, sodat die blare vervolgens uit haar midde kan ontvou, as noodsaaklike begeleiers van die daarop volgende bloei, en dit lei tot die ontwikkeling van die vrug. Al is `n boom, soos ook reeds opgemerk, maar `n uiterste skamel vergelyking vir die ontwikkeling van `n hemelliggaam, tog kan hy julle tot `n goeie beeld dien, waaruit julle in baie vereenvoudigde vorm kan aflei hoeveel daarvoor nodig is, voordat `n hemelliggaam geskik word om mense van julle soort te dra en te voed.

[8] Hierdie eerste periode of die eerste fase, van die op `n nog baie growwe en ongekultiveerde manier vrugbaar maak van die aarde, het na baie duisendmaal duisende jare ten einde geloop, soos wat julle dit nou ook op aarde bereken; want destyds het daar vir hierdie aarde nog

geen bepaalde jaargetye bestaan nie, en dit wat al daar was, het ietwat langer geduur as die van nou.
[9] Wat ons in die eerste periode gesien het, het ten onder gegaan as gevolg van toegelate en, nog beter gesê, noukeurige bepaalde storms van vuur uit die ingewande van die aarde, en na `n groot aantal aardse jare soos ons dit ook nou ken verhef groter stukke land hulleself uit die dieptes van die seë van die aarde, reeds voorsien van berge, en bedek met `n reeds baie vrugbaarder slik.
[10] Op die korrekte tyd word vanuit My wysheid en **My wil** meer volmaakte sade in die slik gelê, en weldra begin dit al weelderig daaruit te sien op die groter stukke land van die aarde wat nog altyd jonk was.
[11] Toe daar nou nogmaals op die verskillende groter stukke land voedsel in groot hoeveelhede was, word daar deur My ook dadelik in die mees wyse ordening vir `n groter aantal reeds meer ontwikkelde, klein en groot verbruikers gesorg. Die water tussen die stukke land word deur groter diere bewoon, en die groter stukke land kry hulle groot diere, hulle eet wat die bodem aan nuwe plante, kruie en bome hulle bied.




[12] Grasse, plante, kruie, struike en reusagtige groot bome bring toe al dikwels saad voort en kon hulleself voortplant; maar die grootste deel groei nog altyd net soos die paddestoele uit die vrugdraende grond van die stukke land. Die diere het op nagenoeg dieselfde manier as julle bekende krokodille van die rivier die Nyl in Egipte ontstaan, naamlik uit eiers; hulle kon sowel in die lug, as in die water gelewe het en het hulle ook gevoed met waterplante en plante op die stukke land, waar dit egter ook nog lank nie al te droog daar uitgesien het nie.
[13] In hierdie voortskrydende ontwikkelingsperiode van die aarde, wat op `n bepaalde manier van belang was vir die vrugdraende plante- en dierelewe, kon dit daar naamlik ewemin behaaglik droog uitgesien het, as by die meer en meer ontvouende knoppe van die boom; want as dit daar droog sou wees, dan sien dit daar met die bloei en die daarop volgende vrugsetting seker nie al te goed uit nie."

## *Die ontwikkeling van die aarde tot by die pre-adamiete*

**72** (**Die Meester**:) "Die tweede prehistoriese ontwikkelingsperiode, in huidige aardse jare gereken, het weer vir julle `n onuitspreeklike lang tyd geduur. Maar die aarde was nog lank nie geskik om warmbloedige diere te dra nie, laat staan nog mense van `n lae soort; daarom gaan het dit ook ten gronde gegaan, net soos die eerste, en daarna het dit weer lank geduur voordat daar `n derde voorbereidende ontwikkelingsperiode aangebeek het.
[2] Natuurlik was daar tussen die een en die ander prehistoriese hoofperiode `n aantal eweneens baie stormagtige tussenperiodes, waarvan aanvanklik alleen Ek as Skepper die betekenis die beste ken en ten slotte ook die gees aan wie Ek dit wil openbaar.
[3] Uit die baie noodsaaklike ontwikkelingsprosesse het daar weer `n derde periode ontstaan. Nou kom daar al baie groot lande uit die see na bo, gedrywe deur die inwendige vuur van die aarde, **natuurlik volgens My wil**; die plantegroei word nog baie ryker in verskeidenheid en is nog steeds reusagtig van aard; en met die diere is dit net so. Maar ook hierdie periode, wat eweneens buitengewoon lank geduur het, en die mens in sekere sin met die bloeisel van `n boom sou kan vergelyk, was net soos beide voorgaande periodes nog lank nie geskik om die mens tot woonplek te dien nie; daarom gaan ook hierdie fase ook ten gronde en begrawe haar voortbrengsels net soos die eerste en tweede periode sowel in die plantaardige as in die dierlike sfeer, net nie so diep soos die eerste nie.
[4] Daarop was daar weer `n groot aantal tussenperiodes en na `n lang tyd breek daar `n vierde voorbereidende ontwikkelingsperiode aan. Die stukke land word weer baie groter, die plantegroei word ook opnuut baie weelderiger, en in die water, op die reeds droër lande en ook in die lug begin dit baie lewendig te word met allerlei klein en daarnaas ook groter diere; daar was selfs al warmbloedige soogdiere by, wat nie meer deur middel van eiers in hierdie wêreld gekom het nie, maar langs die weg van die natuurlike verwekking en het bygevolg ook lewende jongelinge ter wêreld gebring, met uitsondering van die waterdiere, etlike groot amfibieë, die voëls, wurms en insekte.
[5] Hierdie vierde prehistoriese hoofperiode het ongewoon lank geduur; die bodem van die aarde word toe reeds van tyd tot tyd deur die strale van die son beskyn, en aan enkele bome word daar al `n vrug sigbaar, wat vir julle origens nog nie so goed sou gesmaak het nie; maar vir die toenmalige diereWêreld dien dit tog as goeie voedsel.
[6] Ook in hierdie vierde prehistoriese ontwikkelingsperiode het daar nog niks op hierdie aarde bestaan wat soos `n mens gelyk het nie.
[7] Weer kom daar groot omwentelinge van die aarde en sy begrawe vir die grootste deel alles wat julle in hierdie tyd `n skepsel sou genoem het, en julle vind uit hierdie periode ook baie begrawe in die bodem van die aarde, maar baie daarvan verskil op sommige punte wesenlik van die produkte van die eerste drie periodes.
[8] Na `n baie lang tyd, in die verloop waarvan daar op die aarde reeds `n groter rus en orde ingetree het, en na nog baie groot storms op die aarde sien ons nou `n vyfde periode intree waarin die aarde voorberei word. Uit die diepte van die see verhef groot stukke land hulleself opnuut, wat hulle aansluit by die stukke land wat al uit die voorgaande periode bestaan het, en vorm so al hele kontinente.

# Lesing 2 - Die ontstaan van ons aarde - die verskillende skeppingsperiodes:

GJE 8:71:[9] In hierdie vyfde periode ontstaan die meeste en hoogste berge op aarde. Hulle baie hoë toppe word deur bliksems stukkend geslaan en vervolgens deur geweldige aardbewings en waterstrome, ontstaan deur magtige wolkbreuke, word hulle in die diep dale en klowe van die aarde geskuif. Daardeur word uitgestrekte vlaktes en minder breë dale en plat stukke land gevorm, waarop alles dan beter kan groei.
[10] Met die begin van hierdie periode word die aarde ook in `n gereëlde baan om die son gebring. Dag en nag en ook die jaargetye verwissel al reëlmatig, hoewel nog met allerlei afwykings, omdat die skommeling van die aardpole nog steeds aansienlik was en in hierdie periode ook nog moet wees.
[11] In hierdie periode, waarin daar reeds `n bestendige kontinent gevorm is, begin die reëlmatige seestrominge van 14 000 tot 14 000 aardse jare. Deur hierdie strominge word aan die suidelike helfte van die aarde en daarna weer die noordelik helfte langsaam deur die see oorspoel, vir die vorming van vrugbare aarde oor die dikwels baie uitgestrekte woestyne van rolstene. Want na ongeveer 14 000 jaar het die see soveel vrugbare slik op die woeste rolsteenvlaktes en dale gelê dat dit daarna, toe die see homself weer terugtrek en die agtergelate modder tot `n stewiger bodem word, buitengewoon vrugbaar was.
[12] Vir hierdie vyfde periode was daar wel meer as duisendmaal duisend jaar nodig, voordat alle gunstig geleë dele van die aardbodem volledig geskik was vir `n nuwe skepping van `n groot aantal van die mees uiteenlopende plante, soos ook grasse, kruie, struike en bome, en vervolgens ook vir allerlei diere en pre-adamitiese mense.
[13] In hierdie periode sien ons reeds `n groot verskeidenheid vrugtebome en ander vrugdraende gewasse van allerlei soorte vir diere en vir die toenmalige prehistoriese mens. Maar van akkerbou was daar nog geen sprake nie, hoewel die prehistoriese mens reeds kuddes van bepaalde diere benut het en `n ruwe nomade bestaan gelei het, geen kleding gehad het en geen huise of hutte gebou het nie; maar op dik boomtakke het hulle gebou, net soos wat die voëls, bepaalde stewige woon- en rusnesse het en hulle het voorrade voedsel aangelê, waarvan hulle telkens iets geëet het. Wanneer die voorraad op was, het hulle opnuut in groepe op jag na voedsel gegaan. Wanneer dit erg koud geword het, omdat die sneeu ook in aansienlike hoeveelhede in hierdie periode verskyn het, het hierdie mense na warmer streke getrek, saam met hulle huisdiere, wat bestaan het uit mammoete, groot herte, koeie, bokke en skape - en ook die olifant, die neushoring en die eenhoring, allerlei ape en ook voëls wat daarby hoort.
[14] Meer teen die einde van hierdie periode het ook die esel, die kameel, die perd en die vark verskyn, en hierdie prehistoriese mens kon hierdie diere ook beheers het. Want hulle het soveel instinktiewe verstand besit, dat hulle seggenskap gehad het oor die genoemde diere en het hulle ook kon gebruik, deels as lasdiere, deels vir die jag en deels vir die verkryging van melk en wol, waarmee hulle hulle neste goed beklee het en so vir hulself `n sagte lêplek gemaak het.
[15] Taal, op die manier soos dit ook huidiglik onder mense gebruiklik is, het hulle nie eintlik gehad nie; maar tog het hulle, **uiters volmaakte diere wat hulle was**, bepaalde geartikuleerde klanke, tekens en gebare gehad en kon mekaar oor en weer duidelik maak wat hulle nodig gehad het, en hulle het mekaar dan ook te hulp gekom. As iemand siek geword het, gewoonlik vanweë `n hoë leeftyd, dan het hulle wel die krui geken wat hom sou help; as hy dit nie meer kon gaan soek nie, het die ander dit vir hom gedoen.
[16] Slegs vuurmaak en die gebruik daarvan, dit kon hulle nie gedoen het nie; as hulle egter kon gesien het hoe die Adamiete dit later gedoen het, sou hulle dit kon nadoen, omdat die **drang tot nabootsing** `n groot rol by hulle gespeel het en hulle intelligensie met `n bepaalde mate van vrye wil al ver uitgesteek het bo die intelligensie van `n aap, hoe volmaak dit ookal was. Hulle sou dus ook op ons manier kon leer praat, maar sou **nooit uit hulleself wyse woorde kon bedink nie.**
[17] As mens was hulle egter reusagtig groot en buitengewoon sterk en hulle het ook so `n sterk gebit gehad dat hulle dit kon gebruik in plaas van snywerktuie. So het hulle ook `n baie sterk ontwikkelde reuksin en gevoel gehad en het hulle al van ver af gewaar geword as daar iets vyandig op hulle sou afkom; met hulle oë en hulle wil het hulle die diere en so nou en dan ook die natuurgeeste beteuel.
[18] Hoewel hierdie vyfde prehistoriese ontwikkelingsperiode baie duisendmaal duisend jare geduur het, was daar onder hierdie mense tog **in geen enkele opsig vooruitgang in hulle beskawing merkbaar nie**, maar hulle leef hulle eentonige nomadelewe verder en was derhalwe slegs `n **voorbemesting** van die aarde **vir die huidige menslike ras, wat in alle opsigte volkome na My lyk.**
[19] Die kleur van hulle nog taamlik dig behaarde vel het tussen **donker** en liggrys gelê; slegs in die suide het daar ook **stamme sonder hare** bestaan. Hulle uiterlike vorm het `n sterk ooreenkoms gehad met die van die **More** uit ons tyd. Tot by Adam het hulle hulleself voortgeplant en het hulle in die laagvlaktes en digte bosse versprei; maar op die berge het hulle hulleself nooit gevestig nie.







# Lesing 3 - Die ontstaan van ons aarde - die verskillende skeppingsperiodes:

***Die twee laaste ontwikkelingsperiodes van die aarde (GJE Boek 8 vervolg)***

**73** (**Die Meester**:) "In die tyd van Adam, waarmee die sesde periode begin het, moes die aarde weer vir `n deel groot veranderinge deur vuur en water deurmaak, en met hierdie geleentheid gaan die beskrewe pre-adamitiese geslag saam met hulle huisdiere **nagenoeg** heeltemal ten gronde, net soos die baie bosse en ander diere daarin, en die wat nie tot die huisdiere gereken kan word nie; slegs enkele voëlsoorte bly bestaan, net soos die diere op die berge en in die water van die aarde.

[2] Hier en daar het die beskrewe prehistoriese mens nog wel bly bestaan, maar slegs weinig in getal, en het met die Adamiete tot in die tyd van Noag in Asië geleef; hulle het egter langsamerhand agteruitgegaan, omdat hulle nie voldoende voedsel meer gevind het wat geskik was vir hulle nie. Maar in enkele gebiede diep in Suidelike Afrika en op enkele groter eilande van die uitgestrekte aarde kan nog enkele kwynende nakomelinge van die vyfde periode aangetref word. Hulle is egter nog heeltemal wild; tog het hulle hier en daar, vanaf die nakomelinge van Kaïn, `n ietwat hoër beskawing hul eie gemaak. Hulle kan afgerig word vir verskillende soorte werk, maar in die grond van die saak tog niks uit hulleself bedink nie. Met `n deel van hulle is dit ietwat beter gestel, omdat hulle uit `n vermenging met die Kainiete en later ook die Lamegiete voortgekom het; **maar ook hulle is nie geskik vir `n hoër en diepere geestelike ontwikkeling nie.**

[3] Die soort mense sal daar, waar hulle nou is, nog lank voortbestaan en hulleself voortplant en geleidelik aan ook nog meer beskawing opneem van die Adamiete, maar daarby tog nooit `n groot volk word nie. - Dit is nou die pre-adamiete uit die vyfde voorbereidende ontwikkelingsperiode van die aarde.

[4] By die begin van die periode het die aarde ook die maan gekry as begeleier en reguleerder van haar beweging om die son en om haar eie as; natuurlik het die maan ook nie dadelik die gedaante gehad wat sy nou het nie. Voor sy hierdie gedaante gekry het, moes sy ook vir haarself groot stormagtige periodes deurmaak, wat egter nie so lank geduur het soos die van die aarde nie.

[5] Maar vra My nou nie waarom daar vir die ontwikkeling van `n hemelliggaam so `n onvoorstelbare lang tyd nodig is nie, want dit lê in My wysheid en orde se besluit. As die Meester van `n wingerd al die werk in één oomblik sou kon voltooi, wat sou hy dan die hele jaar deur doen? Die verstandige besitter van `n wingerd maak egter vir homself `n indeling van die werk, het elke jaar iets te doen en hierdie daaglikse werksaamheid besorg hom ook steeds `n nuwe saligheid. Kyk, dit is ook die geval by My; want Ek is in die hele oneindigheid ewig die mees aktiefste, en daarom ook die saligste wese.

[9] Weliswaar is in elke hemelliggaam in wording, net soos in `n embrio in die moederliggaam, alles vir die hele volmaakte dierlike-organiese lewensvorm, reeds in die aanleg aanwesig, maar in die begin van die ontwikkeling lê alles as`t ware chaoties deurmekaar; eers geleidelik kom daar orde en ontstaan daar vervolgens `n organiese lewende geheel. Hoe dit ordelik gebeur, dit weet Ek, omdat Ek as enigste in alles die fundamentele orde aanbring. Wanneer julle egter self in die gees voleindig sal wees, sal julle ook insien hoe dit ordelik gebeur.

[10] Uit die ontwikkelingsperiodes, wat Ek nou so eenvoudig en helder moontlik vir julle uiteengesit het, kan julle egter nog iets aflei, en wel wat die eintlike rede is, waarom die profeet Moses die skepping in ses dae ingedeel het.

[11] Die ses dae is dus die ses periodes wat aan julle getoon is, wat elke geskape wese ten eerste in natuurlike opsig en verder, soos by julle mense ook die geval is, ook vir die ryping en vervolmaking van sy siel en sy gees moet deurmaak.

[12] Eers hierna kom die sewende periode van rus, en dit is die saligste, ewige lewe. Die sewende periode heet egter "rus" omdat daar geen dwang, geen oordeel en geen angstige sorg meer op die voleindigde gees druk nie, maar dat sy bestaan vir ewig oorgaan in die volle mag van kennis, insig en die algehele vrye wil.

[

**Natuurgeheime Deel 1 Die dinosourus.** ***7 Jan. 2008 (L Snyder)***

Die dinosourus het geleef in die vroeë tyd saam met Adam en Eva en ook hulle direkte nageslagte. Dit was ‘n buitengewoon groot dier en hy moes die aarde meer bewoonbaar maak vir die mens. Daar het in daardie tye bome gegroei waarvan julle nie eers weet nie en omdat die bome so enorm geword het, was dit haas onmoontlik om die bome af te saag. EK het ook MY manier gehad om die mens te help en het die dinosourusse vooruit gestuur om die bome af te vreet. Hulle kon takke heel insluk en dit dan later weer opbring om dit dan weer te kou totdat die hele boom op so ‘n manier verslind is. Daar het ook later teveel van hulle rondgeloop en hulle was ‘n bedreiging vir die mense van daardie tyd en daarom het EK hulle aansienlik verminder, deurdat EK ‘n siekte onder hulle laat uitbreek het. Die dinosourusse het dan ook stelselmatig uitgevrek tot daar net ‘n baie klein hoeveelheid oorgebly het. Die dinosourusse was dan ook die liggame vir ‘n hele klomp geeste wat nog baie onryp was en soos wat die geeste in hulle ryper geword het, het die geeste dan ook een vir een uit hulle uitgegaan en in ander skeppingsfases ingegaan. Daardeur het die dier in grootte gekwyn en die bene wat vandag deur die soekers gevind word, is dan ook baie kleiner as die oorspronklike dinosourusse van daardie tyd. Baie dinosourusse was wydverspreid oor die aarde, maar net in Afrika word hulle nog aangetref, waar hulle diep in die bosse van Afrika wegkruip.




PREHISTORIC WORLD
IMAGES™
©2002 JOSEF MORAVEC







# Lesing 4 - Die ontstaan van ons aarde - die verskillende skeppingsperiodes:

**Ontwikkeling van die aarde – Pre-adamiete 6295 26 Junie 1955 deur Bertha Dudde**

Julle het ‘n baie lang tyd nodig gehad om uit die diepte na die hoogte te kom, wat julle in staat gestel het om ‘n menslike wese te word. Gevolglik was ‘n uiters lang tyd nodig vóór julle ontwikkeling as ‘n menslike wese kon plaasvind. Die opwaartse ontwikkeling moet volgens die beskryfde orde plaasvind. Geen periode van ontwikkeling kon uitgelaat word volgens wil nie. Elke fase moet volgens My ewige Plan plaasvind. Geskikte skeppings was nodig vir hierdie opwaartse ontwikkeling, wat vir julle die konsep van "prehistoriese" tyd geword het met slegs beperkte resultate. Dit verg ewighede vir die langsame ontwikkeling van alle geestelike in die skeppings soos julle dit nou sien. Ewighede is beslis die regte woord daarvoor. Die konsep tyd soos ons dit ken het slegs begin toe die skepsel, "Mens", in lewe geroep was deur My. Vóór dit was die lewende wesens op aardse nie sodanig begiftig dat hulle onafhanklik kon dink en handel nie. Hulle het ook nie met selfbewussyn geleef nie, hulle het ook geen konsepsie van die verlede, die hede en die toekoms gehad nie. Slegs 'n wese wat met intellek toegerus is en volgens die konsep lewe kan 'n "Mens" genoem word. Slegs van daardie tyd af kan julle van 'n bewuste ontwikkeling omhoog spreek, in wie die gevalle geeste die moontlikheid het om na My terug te keer. Die skepping van die Mens was die begin van 'n verlossingsperiode waar die vrye wil in werking kom, nie dwang deur My soos in die prehistoriese tyd nie. Tydens die periode vind alles in wettige orde plaas en die opwaartse vooruitgang van die siel was die onherroeplike resultaat.

Nou sal julle die vraag stel: Hoe lank het die menslike wesens op aarde gelewe, bedoelend die "Mens" met intellek, geskik om vir homself te besluit soos julle die mens vandag sien. Die eerste mens wat die verantwoordelikheid vir sy gedagte en aksies kon neem was Adam, terwyl daar menslike wesens vóór Adam op alle dele van die wêreld was. Hulle het alreeds baie dinge gedoen, wat as menslike denkwyse aanvaar kan word, maar al hulle aksies was instinktief en hulle kon nie verantwoordelik gehou word vir hulle aksies nie. Hulle het gehelp om die geestelike vry te maak wat hulself nie kon beliggaam nie. Hulle het ook gedien deur ’n plek gereed te maak vir mense, geskik vir die mens om deur die laaste toets van sy wil te gaan.

Hierdie mensagtige wesens het fisies baie soos die vorm wat Ek vir Adam gereed gehou het gelyk. Die tyd het gekom vir die oorspronklike gevalle geeste om hul vrye wil terug te kry en om finaal van die materiële vorm vry te word. Weer en weer gee die prehistoriese skeppings die geeste verdere ontwikkeling in hul gebonde toestand. En vir hierdie geeste, het die tyd gekom om vir hulself te besluit.

Dit was die begin van die verlosingstyd, wat van so `n groot belang vir julle is. Nou kan die intellek en vrye wil gebruik word terwyl die wese bewustelik leef. Die begin van hierdie periode het al so lank gelede plaasgevind dat julle julleself dit nie kan voorstel nie. Volgens My Wil openbaar Ek aan julle die belangrikste periodes met hul gebeure. Hierdie is verdeel in maklik begrypbare fases, maar hulle is onbelangrik vir julle ontwikkeling. Die eindelose aantal gevalle geeste verg ‘n eindelose lang tyd van opwaartse ontwikkeling. Daarom kan die prehistoriese tyd nie geskat word, vir die beliggaming van siele as mense nie, aangesien dit in so `n groot skaal moet plaasvind dat dit ewighede sal verg. Dit is nie moontlik vir julle deur ondersoek om die begin van hierdie periode te bepaal nie, hoewel dit in die mens se aard is solank Hy onvolmaak is, om alles te probeer beperk.

**Die Pre-adamiete 9015 14 Julie 1965 Bertha Dudde**

Lank voordat die eerste mense op aarde geleef het, wat deur God met vrye wil en verstand toegerus was, het daar al skepsele bestaan wat soos mense gelyk het, wie se taak dit was om die aarde geskik te maak vir die mensdom wat na hulle sou kom. Hulle het op instink geleef, d.w.s. deur die natuurwet gedryf het hulle gewerk om hulself aan die lewe te hou. Hulle het vrugte versamel, die voortbrengsel van die land geoes en het wonings vir hulself gebou. Hulle het alles gedoen wat hul instinkmatige voordeel opgelewer het. Maar hulle kon vir hul doen en late nie tot verantwoording geroep word nie, omdat hulle nog nie in ‘n wese beliggaam was wat alle partikeltjies van ‘n gevalle oergees bevat het nie. Hierdie wesens het al ‘n groot ooreenkoms met die mens gehad, liggaamlik was hulle van gelyke gestalte, maar hulle was nog nie ek-bewus nie en kon hulle nie aan mekaar verstaanbaar maak nie. Slegs die drang om te oorleef was sterk en hulle het dikwels ‘n hoë leeftyd bereik. Hulle was by wyse van spreke in diens van die skepping, deurdat hulle daartoe bygedra het om die aardoppervlak ‘n ander vorm te gee, wat steeds meer voorberei was om die mens (adamiet) 'n woonplek te bied wat aan hul behoeftes sou beantwoord.

Maar vir die wesens was daar nog geen taak gegee nie. Hulle het slegs die nog nie heeltemal voltooide oergeeste gedien as laaste moontlikheid om volwasse te word, voordat hulle as mens met vrye wil en verstand moes deurgaan. Hierdie voormense, die pre-adamiete, **kan dus nie as egte mense beskou word nie, want hul aard, hul voorkoms en al hul doen en late het meer aan ‘n dier beantwoord wat nog ver agter was met sy ontwikkeling. Slegs die vorm het soos die van 'n mens gelyk** en so het dit gebeur dat die adamiet hierdie skepsele later oermense genoem het, wat egter gladnie die vergelyking met die egte ware mens (adamiet) kon deurstaan nie, wat in besit van 'n vrye wil en insig was, wat hy verstandelik ook korrek moes gebruik. **Dit kan nie gesê word dat die mens hulle uit hierdie pre-adamiete ontwikkel het nie, omdat daar ‘n nuwe skepping was wat God eers realiseer het**, toe baie van die eerste oergeeste vurig na hul beliggaming verlang het. Die voormens is een van die vele skeppings gewees wat slegs hul doel moes vervul om die later daarna komende adamiete 'n heenkome te berei, wat hul 'n sorgelose lewe op aarde sou waarborg.

Die pre-adamiete was wesens wat soos mense gelyk het, wat nie tot verantwoording geroep kon word nie, omdat hulle soos diere gelewe het waarby alle instinkte na vore gekom het, wat lank voor die adamiet op aarde geleef het, wat geen ek-bewussyn gehad het nie en alleen in groepsverband kon lewe; wat sodoende slegs daar te vinde was, waar adamiete later sou woon, vir wie hulle die gebied voorberei het deur gereelde werksaamheid.

# Lesing 6 - Die ontstaan van ons aarde - die verskillende skeppingsperiodes:

**Vervolg van die Pre-adamiete - 9015 Bertha Dudde**

Want hulle (pre-adamiete) was geskep om hulle te uiter in die ontginning van uitgestrekte velde, in die sistematiese verspreiding van lewensnoodsaaklike substansies en het ook geoes op hierdie stukke land. Hulle het dit alles onbewustelik gedoen vanuit 'n natuurlike aandrang om hulself in stand te hou. Hulle het mekaar beveg en die sterkste het geseëvier. En so het hulle daartoe bygedra dat hulle steeds weer nuwe **geestelike wesens** inkarneer het, al was dit maar vir 'n kort tyd waarin hulle hul krag bewys het, waarin meer of minder sterk drifte hulle laat geld het, wat steeds swakker geword het, hoe langer hulle geleef het en hulle (die geestelike) dan ook die volwassenheid bereik het om nou die laaste beliggaming as mens/adamiet te kan ingaan.

Daar het dus al lank voor die eerste mense wesens bestaan wat soos mense gelyk het, wat egter nie in verband gebring kan word met die regte mens/adamiet nie. In hul uiterlike vorm was hulle wel met hulle vergelykbaar, maar hulle het tekere gegaan soos diere, sowel in hul drifte, asook in hul manier van voortplanting. Hulle het hulle steeds verder ontwikkel na gelang van die substasie van hul siel en het ook behoort tot die vele skeppingswerke wat weer verdwyn het toe hulle hul taak op aarde vervul het, dus het die (geestelike) wesens nie meer sulke skeppings nodig gehad nie en het dit nou uitgesterf, soos vele skeppings wat deur die aarde 'n tydlank gedra was om dan weer vir nuwe skeppings plek te maak.

Daar kan dus nie gesê word dat die mens in sy huidige vorm, homself uit hierdie voormenslike skeppings ontwikkel het nie, inteendeel, hy is en was 'n nuwe skepping soos hy nou is, met vrye wil en verstand begaafd wat hom moes waardig maak, dus ook die ek-bewussyn in toom hou. Tot op welke hoogte die pre-adamiete ook oor 'n sekere intelligensie beskik het, was dit uitsluitlik afhanklik van die graad van volwassenheid van die sielepartikeltjies wat hulle in hul gehad het. Hierdie pre-adamiete was egter nie in staat om te dink nie en hul intelligensie kon slegs in die werksame aktiwiteite tot uitdrukking gekom het, wat dus onbewus verrig was.

Hierdie aktiwiteite het egter ook die grootste wonderwerke voortgebring, soos dit dikwels in die natuur te sien is, dat hulle weë gebou het waaroor hierdie wesens mekaar kon bereik, dat hulle klowe en onderaardse gange gegrawe het en so dus vir die mense die toestand geskep het dat hulle 'n goeie lewe kon lei, toe die tyd aangebreek het, waarin die eerste oergeeste hulle as mens/adamiet kon beliggaam. Hoe meer oergeeste nou verlang het na die beliggaming, des te meer het die voormense agteruitgegaan, wat homself steeds trapsgewys voltrek het, totdat die menslike/adamitiese geslag die aarde bevolk het en vir hulle die proeftyd begin het waarin alle eens gevalle oergeeste hulle waardig moes maak, waarom die mens ook met ek-bewussyn, verstand en vrye wil toegerus moes wees, om die weg oor hierdie aarde te gaan wat hom weer sou terugvoer na die Vader, van Wie hy eens uitgegaan het. Amen.

## *Die sielsontwikkeling van die pre-adamiete*

**GJE Boek 8 Hfs 74** [8] Was daar in die tyd van die pre-adamiete op hierdie aarde ook al die bepaalde lewens-kamertjie in die hart van die Groot Skeppingsmens?"

[9] **Ek** sê: "Indien nie volledig in die handelende werklikheid nie, maar tog in die bestemming daartoe; **want `n ander planeet was handelend in die prehistoriese tyd.** Die mense daarvan het egter te veel tot die grootste hoogmoed en `n totale godvergetenheid verval, en diegene wat nog in `n God geglo het, het geen ag op Hom geslaan nie, het Hom getrotseer en gepoog om Hom in hulle blindheid so te sê van Sy troon van ewige mag te stoot. Hulle het Hom gesoek, en slegte wysgere sê vir hulle dat God in die sentrum van hulle aarde (planeet) gewoon het; en dat `n mens myngange daarheen sou moes grawe en Hom daar gevange neem. Hulle het dan ook ontsettende diep gate in die planeet gegrawe, waarby daar baie omgekom het.

[10] Wanneer Ek hulle boodskappers gestuur en hulle gewaarsku het, dan was hulle steeds gewurg, en die mense het nie hulle lewens verbeter nie. En kyk, toe laat Ek toe dat die planeet van binne-af in baie stukke uiteengeruk word! Dit het nou aan die begin van die sesde periode van hierdie aarde gebeur, en hierdie aarde word toe die lewenskamertjie. Waar hierdie aarde (planeet) haarself bevind, eweneens in `n baan om hierdie son, daarop sal ons nog ietwat van naderby ingaan."

## *Die uiteensetting oor die vernietigde hemelliggaam*

**75** [6] By die begin van die sesde periode het ons gesien dat daar `n planeet van binne-af vernietig was, en dat hierdie aarde met Adam die lewenskamertjie in die Groot Skeppingsmens geword het. Ek sal julle nou die toestand van die vernietigde wêreld laat sien, en wel soos dit ook vroeër was, asook hoe dit nou lyk; en daarna sal Ek julle ook laat sien in watter verhouding hierdie aarde staan tot die Groot Mens, dit wil sê alleen in geestelike opsig, maar nie in die materiële werklikheid nie. Aangesien so iets egter met woorde alleen, sonder `n sintuiglike waarneembare beeld nie aan julle getoon kan word nie, sal Ek julle nou deur My wil die son met al haar planete op klein skaal laat sien, dan sal julle by die bekyk van die beeld My woorde weldra maklik begryp; let nou dus almal goed op!"

[7] Toe Ek dit gesê het, ontstaan daar in die vrye lugruimte `n bal met `n deursnee van `n hand breedte; dit stel die son voor. In `n so goed moontlike weergegewe verhouding in die hoedanigheid van grootte en afstand - maar die saalruimte was natuurlik te klein om hulle heeltemal in hulle korrekte onderlinge verhouding weer te gee - word ook alle planete met hulle mane weergegee, en wel soos hulle ook was, toe die vernietigde planeet met sy vier mane nog nie aan die begin van die sesde periode vernietig was nie. Ek verklaar aan almal die posisies van die planete, noem hulle name, sowel in die Judese as in die Griekse taal, en hulle sien die planeet waar dit nou tussen Mars en Jupiter sweef en met sy vier mane daaromheen sirkel. In die hoedanigheid van grootte lyk hy baie soos Jupiter, hy het slegs meer vasteland as Jupiter en ook `n hoër dampkring bo hom en

`n groter inklinasie* en daarom ook `n skuinser baan om die son. **(poolneiging: die hoek wat die hemelliggaam maak met die eklips)*

[8] Toe almal dit nou goed begryp het, sê Ek verder: "Kyk, so was die ordening ongeveer vierduisend jaar gelede, gereken vanaf nou, (*tans 6000jr gelede). Toe vind die vernietiging van hierdie planeet egter plaas, waaroor Ek julle vertel het. Hoe en waarom dit plaasgevind het, het Ek julle al gesê. Maar kyk nou, hoe die planeet lyk nadat die vernietiging plaasgevind het!"

[9] Almal kyk nou na die planeet, wat nou in baie groot stukke uiteenval. Slegs die vier mane bly oor; maar omdat hulle hulle sentrale hemelliggaam kwyt was, raak hulle orde versteur en verwyder hulle hulleself meer en meer van mekaar, reeds omdat hulle `n ekstra stoot deur die oopbars van die sentrale planeet gekry het.

[10] Die stukke van die planeet val verder uiteen in die baie breë ruimte tussen die bane van Mars en Jupiter. `n Groot aantal kleinere brokstukke verdwyn ook via beide bane, en sommiges val op Jupiter, sommige op Mars, en enkeles selfs op hierdie aarde, op Venus, op Mercurius en ook op die son.

[11] (**Die Meester**:) "En selfs die mense wat, wat hulle liggame aanbetref, reusagtig groot was, word by die bars van die planeet in groot aantalle in die vrye ruimte ingewerp, net soos ook die ander skepsele. Sommige verdroogde lyke swewe nog rond in die wilde eterruimte, ander sit en lê dood en heeltemal verdroog in hulle huise, wat nog op die groter brokstukke van die planeet bestaan; enkele van die lyke het selfs ook op hierdie aarde geval, waar hulle egter reeds na enkele honderde jare ontbind het, en so het dit ook op ander planete gebeur .

[12] Die groot seë van hierdie planeet verdeel hulleself met die bars, saam met hulle bewoners van allerlei soorte, eweneens in groter en kleinere druppels, waarvan enkeles `n deursneë van baie myle het, wat ook die vaste aardbodem in hulleself dra en ook nog deur sommige diere bewoon word. Op die vier mane lewe nog die vroeëre skepsele, slegs in `n reeds meer verkrummelde toestand, soos dit ook die geval is op die enkele baie groot stukke wat oorgebly het, maar in `n nog meer verkrummelde toestand; op die kleiner brokstukke heers egter geen organiese lewe nie, behalwe die van die verwering en langsame ontbinding."

## *Oor die bewoners van die vernietigde hemelliggaam*

**76** Toe dit so vir die aanwesiges getoon en uitgelê word, sê **Markus**, die Romein: "O Meester en Leraar, dit moes op die planeet vir die mense tog iets onbeskryflik verskriklik gewees het! Hulle moes almal wel van vertwyfeling gesterwe het! En wat het daar van hulle siele geword?"

[2] **Ek** sê: "Dat `n dergelike katastrofe vir die mense iets baie ontsettend was, dit is wel seker; maar dit was hulle eie skuld. Hulle was reeds vooraf gedurende baie en lang tye onderrig, vermaan en gewaarsku. Daar is aan hulle gesê wat hulle kon verwag. Maar met hulle wêreldse verstand beskou hulle dit alles as breinspoeling en onsinnige verhale van die sieners, wat in hulle eenvoud en aardse armoede die liggelowige volk maar net sulke dinge voorspel het, om aansien te verwerf en in die hoop dat mense in hulle liggaamlike onderhoud sou voorsien. Die hooggeplaaste en vername mense het hulle nie net nie geglo nie, maar hulle ook van alle kante met vuur en met die swaard vervolg; ja, hulle het hulle ten slotte so sterk versit teen alles wat ook maar enigsins na die geestelike geruik het, dat elkeen wat dit maar gewaag het om hardop te praat of te skryf oor iets wat maar net in die verste verte betrekking gehad het op `n gees, sonder enige barmhartigheid gedood was, en dit was dan ook nie meer moontlik om die groot hoogmoed en die onbarmhartige harte van die mense die hoof te bied nie.

[3] Hierdie mense was baie vindingryk in aardse dinge en reeds baie duisende aardse jare gelede `n soort springstof uitgevind. Wanneer dit aangesteek word, vernietig dit alles. Wanneer hulle ongeveer tienduisend pond van die vreeslike ontplofbare stof ongeveer duisend manshoogte diep onder die berg Libanon in `n grot sou opstapel en dan aansteek, dan sou dit vervolgens alles op een en dieselfde oomblik ontbrand en die hele groot, hoë berg in baie stukke uiteen ruk, soos ook die Hanogiete vóór Noag met baie berge gedoen het, waardeur die inwendige watersluise van die aarde geopen was en almal vervolgens in die hoë vloedgolwe omgekom het.

[4] Kyk, met sulke verskriklike, deur die duiwels ingegewe uitvindinge het die mense van die nou vernietigde planeet steeds hulle misdadige praktyke uitgevoer en ten slotte ook op baie groot skaal. Hulle voer oorloë, en die een ondermyn die land van die ander diep aan alle kante, en hulle vul die myne met groot hoeveelhede van die duiwelse springstof. Dit word dan op slinkse wyse aangesteek en vernietig die hele groot land. Met dergelike pogings om die land te vernietig gaan hulle steeds verder en verder, en hulle maak ook steeds dieper en groter gate in hulle groot aarde, wat byna tweeduisend keer groter was as hierdie aarde; maar ten slotte gaan hulle tog te diep, waardeur die inwendige kamers van die aarde, wat van nature ook ver en diep na alle kante met oervuurstof gevul is, vinnig en heftig saam aan die brand vlieg. En kyk, die inwendige vuurgeweld ruk die gehele groot planeet uit sy baan en laat hom in alle rigtings ontplof, en die slegte mense het hulle einde bereik, saam met die van hulle aarde!

**.... Want ook die latere nakomelinge sal weer die slegte springstof uitvind en nog `n groot hoeveelheid vernietigingsinstrumente, en hulle sal baie, baie verwoesting op die aarde aanrig; dat hulle egter nie tot op `n te groot diepte in die aarde kan kom nie, daarvoor sal goed deur My gesorg word.**

[7] So sal Ek ook die wat Myne is op hierdie aarde nooit as wese agterlaat nie, maar in die gees by hulle bly tot aan die einde van haar tye, en daarom sal `n dergelike vernietiging op hierdie aarde nooit kan plaasvind nie; maar plaaslike vernieling en verwoesting sal sekerlik plaasvind, en daarby sal die mens ook in groot angs, skrik en ellende raak, en baie sal swaar ly onder angs en bang verwagting van die dinge wat oor die aarde gaan kom. Maar hulle sal ook self skuldig wees aan wat daar oor hulle sal kom.

[8] En so het Ek dus vir julle onthul hoe dit is met die vernietigde hemelliggaam toentertyd, en hoe dit nou met hierdie aarde gestel is en in die toekoms sal wees; maar gaan jy nou by jouself na, of jy alles goed begryp het!"

**Jakob Lorber—Biskop Martin -** Hoofstuk 46 -

***<u>DIE NEGENDE KABINET MET SY TREURIGE GEHEIM. DIE VERPLETTERDE WÊRELD VAN DIE ASTEROIDES EN SY GESKIEDENIS.</u>***

(**Die Meester**): "Ons is by die negende deur. Wat sien jy hier? Nou, My liewe seun Martin, jy is weer toegelaat om te spreek, maar slegs wat nodig is. Antwoord dus My vraag."

**(Biskop Martin)**: "Meester, ek sien nog nie baie nie. Daar is ongeveer nege klein, kaal, vormlose 'wêrelde' wat in hierdie suiwer hemelse lug hang. Behalwe vir enkele struikgewasse, kan ek nie veel onderskei nie, alhoewel ek die indruk kry dat daar `n groot hemelse wêreld sigbaar word op `n ver afstand. Maar, as gevolg van die afstand, is dit baie vaag en ek kan nie sien wat daarop is nie. Vier klein 'wêrelde' wat nader aan ons sirkel blyk bewoon te wees, want ek merk op hulle eienaardige klein soort geboue, alhoewel ek geen mense kan sien nie. Ek neem aan dat hulle nie baie groot is nie, waarskynlik `n soort van infusoriale mens. Een van hierdie 'wêrelde' sweef verby die deur. Die enigste goed wat ek daarop kan sien, is `n paar verknogte struike en klein wonings, wat eerder na miershope lyk. Maar daar is geen beweging nie, behalwe dit van die 'wêreld' self. Vertel My, o Meester, of dit ook `n planeet is, of wat?"

(**Ek** sê): "Ja, My liewe seun Martin, dit is ook `n planeet, maar soos jy kan sien, nie `n hele een nie, maar `n sleg verminkte een. Want saam met die nege stukke wat onreëlmatig voor ons sweef, is daar nog `n hoop puin: Party daarvan is verstrooi op ander planete, sommige sweef rond in wanordelike rigtings in die eindelose ruimte van die skepping. Hier en daar, as hulle te naby kom, word hulle aangetrek en soort van ingesluk deur `n vaste planeet of `n son.

Jy het nou `n paar vrae in gedagte: "Hoe en waarom was hierdie planeet verbreek? Hoe was hy daarvoor? Hoe het sy inwoners gelyk?"


"Die antwoord op die 'hoe' is My almag: Dit was My wil! En hoekom? Kyk, hierdie planeet was oorspronklik bestem tot wat nou die bestemming van die aarde geword het. **Want die eerste gevalle gees het dit gekies, met die belofte om homself te verneder en terug te keer na My**. Daarom was hierdie planeet bedoel om die ster van verlossing te word. Hier het hy belowe om self aktief te wees sonder om ooit in te meng by die sfeer van enige van die ster se inwoners, ook nie die van enige ander planeet nie. Maar hy het egter nie sy belofte gehou nie, maar het sy vryheid op so `n bose manier gebruik, dat geen lewe vordering kon maak op hierdie planeet nie. As gevolg hiervan is hy verban na die brandende middelpunt van die planeet en die bestemming van hierdie planeet was onverwyld oorgedra aan julle aarde. Toe die aarde gereed was vir die mens/ adamiet, het ek die saad vir die eerste mens gesaai, maar die Bose een het aan sy gevangenismure geruk. Uit medelye laat Ek hom toe doen wat hy wou en hy het sy aarde aan stukkies geruk en hy het in die afgrond van julle aarde gedompel, waar hy sedert toe alles doen wat bekend is aan jou.

Die rede vir die vernietiging van hierdie planeet was soos in alle dinge, My deernis. Want, terwyl hierdie planeet nog heel was en bewoon was deur baie magtige nasies, het die draak hul harte vergiftig met wellus vir mag. As gevolg hiervan het hulle voortdurende oorlog gevoer en mekaar die volledige vernietiging tot die laaste man toe gesweer. Daar was toe geen ander manier as `n oordeel nie en dit was die oopbars van die planeet, waar baie miljoene van sy baie groot inwoners omgekom het. Sommige was onder puin begrawe, maar die meeste van hulle was uitgegooi in die ruimte. Sommige het selfs op die aarde geval en uit daardie tyd dateer eweneens die heidense mite van die oorlog van die reuse. Maar die eerste mense het heeltemal uitgesterf op die oorblywende stukkies van die oorspronklik grootste planeet, omdat hulle nie in staat was om die nodige voedsel te vind nie. Hulle is uiteindelik vervang deur `n baie klein menseras, baie beskeie, wie die hare op die kop en die wenkbroue van die kosmiese mens verteenwoordig. In die agtergrond, kan jy nog steeds die hele planeet sien soos dit was, wat behoue bly vir die groot dag wat gaan aanbreek in die hele oneindigheid. Nou weet jy ook van hierdie deur wat nodig is vir jou om te weet op hierdie stadium. Met verloop van tyd, sal al die saad ontkiem wat Ek nou in jou hart geplaas het. Volg My nou na die tiende deur, waar nuwe wonders op jou wag. Laat dit so wees!


# Lesing 6 - Die ontstaan van ons aarde - prente en diagramme:

**Die Gevalle Oermens.**
**LUCIFER**





Copyright © 2005 Pearson Prentice Hall, Inc.









## Lesing 13.05.17- Die ontstaan van ons aarde - verskillende skeppingsperiodes:

**Gen 4:13** Daarop sê Kain aan JaHWeH: My skuld is te groot om dit te dra.
14 Kyk, U verdryf my nou van die aangesig van die Adamah[adamiet se Aarde] af; en van U Aangesig sal ek my verberg; 'n swerwer en vlugteling sal ek op die Aarde wees, en elkeen wat my kry, sal my doodslaan.
15 Maar JaHWeH sê vir hom: Daarom, as enigeen Kain doodslaan, sal dit sewevoudig gewreek word. **En JaHWeH het 'n Teken gegee aan Kain,** sodat enigeen wat hom kry, hom nie sou doodslaan nie.

**Aanhalings uit die Huishouding van Elohim - Boek 1**

[16] En sien, toe neem **Kain** die woord en vra baie treurig en diep ontroerd aan Hanoch: ... Of staan my barmhartig toe om hiervandaan te trek tot aan die einde van die wêreld, ..."

[18] **Hanoch**: Vlug dan uit my oë waarheen jy maar wil, ....gaan dus nou en vlug!"

***Die uittog van Kain na die See***

24 En sien, toe begin Kain te ween en vertrek daarvandaan met sy vrou en vier kinders, twee van die manlike en twee van die vroulike geslag, en bereik na veertig dae die kus. Hy skrik vir die aanblik van die groot water, omdat hy stellig geglo het dat hy die einde van die wêreld bereik het. En hy dink: As Hanoch my nou vervolg, waarheen sal ek dan vlug?

[4] En sien, toe begin **Kain** na `n tydsverloop van sewe-en-sewentig jaar weer tot My te bid, drie dae lank, dag en nag sonder ophou en hy roep aan één stuk deur: "Meester, U regverdige, U liefderike, sien vol barmhartigheid neer op U groot skuldenaar en doen met my volgens U gewyde Wil!" En hierdie woorde herhaal hy baie duisende kere.

[5] En Ek het medelye gekry met hom, omdat hy so sterk en eindeloos ellendig geroep het. Sien, toe stuur Ek **Abel** in `n vlam gehulle na hom toe en Abel spreek tot hom met die woorde wat uit My kom en sê: "Kain, staan van die grond af op, kyk my in my gesig en sê my of jy my nog herken!"

[6] Toe staan **Kain** op en bekyk vol vrees die vlam en herken hom nie, nóg aan die stem nóg aan die gedaante, en toe vra hy, bewend van baie groot angs: "Wie is jy dan, vreemde wese in die vlam?"

[7] En **Abel** antwoord hom: "Ek, jou broer Abel, staan voor jou in die vlam van die goddelike liefde! Wat wil jy dat daar nou met julle gebeur?" - "O broer", sê Kain, " dit is dus jy, - sien, **ek het geen wil meer nie**! My seun Hanoch het van my alles afgeneem, ook my wil; nou het ek geen wil meer nie, en sien, in die bestaan wat ons nou lei, is ons almal sonder wil! Daarom kan ek niks anders sê nie as: Vir my en ons almal geskied volgens die gewyde Wil van die Meester!"

[8] Toe sê **Abel**: "Luister dan nou! Dit is die wil van die Meester, my Vader en julle Elohim, dat julle sonder vrees of skroom van alle vrugte sal eet, wat julle maar hier kan vind; want die slang het julle hiernatoe verdrywe en het met al haar gif agtergebly by julle kinders in die stad Hanoch en sal julle nie meer lastig val nie. Want sodra die mens sy wil weggegee het, is daar vir die bose gebroedsel niks meer om te doen nie; maar wie sy wil ondergeskik gemaak het aan die slang, is haar gevangene en die einde van sy invloed het naby gekom.

[9] Wie egter ontsnap het uit haar kragtig geworde strikke en op die manier **die laaste druppels van sy wil** gered het en dit voor die aangesig van JaHWeH op die aarde neergelê het, die sal vanuit Hom **`n nuwe wil** gegee word, sodat hy in die vervolg **as werktuig van die Meester sal kan handel**. En so is dit ook vir julle die wil van die Meester, dat julle in die vervolg volgens Sy wil sal handel; en as die nakomelinge van Hanoch jou of jou familie enige tyd mag vind, dan sal hulle julle en julle familie **nie herken nie**, omdat die liefde van die Meester julle vir ewig **heeltemal swart sal brand**.

[10] En die naam "Kain" sal van julle weggeneem word en `n ander naam sal aan julle gegee word en wat lui "Atheope(Ethiopië of Kus)", dit wil sê "***die willose volgens die wil van Elohim"***. As sodanig moet julle met julle familie `n baie groot stewige mandjie vleg van riet en biesies, sewe manshoogte lank, drie manshoogte breed en één manshoogte hoog, en dit moet julle dan met hars en allerlei pik digmaak. En as julle dit dan vlytig gedoen het, moet julle dit by die groot water plaas en veertig dae lank vrugte versamel; en as julle dit gedoen het, plaas dan die vrugte in die mandjie en gaan ten slotte met almal aan boord!

[11] En dan sal die Meester vanuit die groot water `n groot vloed laat opkom; dit sal die mandjie met julle daarin ophef en sal julle wegdra na `n ver

land in die middel van die groot water en daar sal julle volkome veilig wees vir alle agtervolging van Hanoch.
[12] En in die groot water sal in die nabyheid wyd en syd verspreid klein stukkies land lê en as daar te veel van julle op één stuk land beland, soek dan die nabygeleë op en so voorts, en bevolk volgens die wil van die Meester langsamerhand alle klein stukkies land in die groot waters.
[3] En as julle die Meester nie sal vergeet nie, dan sal Hy julle eendag `n groot vasteland gee om te bewoon, daar sal julle bly tot aan die einde van die wêreld, nadat dit eers vooraf gereinig sal word deur die spoedig neerstortende watervloede. Dit sal die nakomelinge van Hanoch verstik en dood en ook baie kinders van Elohim, wat hulleself deur die skone dogters van Hanoch sal laat vang.
[14] Die vloedstrome sal julle willoses ewenwel nie bereik nie, omdat die wil van die Meester julle op die water van Sy groot erbarming geplaas het. - En as julle die een of ander nodig sou hê, dan weet julle immers sonder meer waar die groot Gewer is, wat julle nie sal verlaat as julle Hom nie in julle hart sal verlaat nie.
[15] En jy Kain, kom nou nader aan my!" En sien, toe loop Kain na sy in vlamme gehulde broer Abel en Abel omarm hom en so word hy **so swart soos `n kool en sy hare word gekroes.** En dit gebeur ook nog by vyf ander.
[16] En toe sê **Abel**: "Nou, broer Atheope, is julle bevry van alle skuld, want dit het agtergebly by Hanoch en handel dan voortaan volgens die wil van die Meester! Amein.
**25** En sien, toe verdwyn Abel, en Atheope eet vir die eerste keer in sy lewe heeltemal opgewek en bly van die vrugte en doen presies soos aan hom beveel was.
[2] En so bevolk sy laatste nakomelinge almal dan die eilande in die water tot op die dag van vandag en na die groot verdelging van die slang gebroedsel deur die vloedstrome uit die hemel, ook die groot wêrelddele wat julle huidiglik "Afrika", "Amerika" en "Australië" noem. En sy stam is nie gedood deur die vloedstrome nie en is tot op hede vandag nog dieselfde, om te getuig van die toenmalige en hedendaagse gruweldade van my en Hanoch se kinders.

***<u>Die Meester praat met die aanvoerder van die Nubiërs</u>***

GJE 4: 181 1 Die rit vorder vinnig en ons woordvoerder bring die hele karavaan na ons toe terwyl ons almal nog gemoedelik aan tafel sit.
[2] Toe My Jarah die pikswart gesigte met die letterlik bloedrooi lippe en baie wit oë sien, skrik sy behoorlik en sê: "O Meester, doen hierdie wesens niemand kwaad nie? Hulle sien tog gewis ontsettend swart daar uit! Ek het al wel More gesien, maar so ontsettend swart soos hierdie nog nie een nie! Wat `n sterk gebit het hulle! Waarlik, Meester, as ek nie by U was nie, sou ek ontsettend bang geword het! Om van so `n swart man te hou, sou `n beproewing wees vir `n teergevoelige meisiehart!"

197. [5] Hierdie swart mensesoort het die eienskap om `n leer of gewoonte vir duisend en ook wel meer jare heeltemal kernsuiwer te bewaar, dus presies soos wat hulle dit in die begin gekry het. Hulle sal niks weglaat nie en sekerlik niks toevoeg nie; maar dit alles wil nie sê dat hulle as mense voortrefliker sou wees as julle Blankes nie, **hulle staan egter as nakomelinge van Kaïn op `n laer ontwikkelingsvlak en kan net baie moeilik kindskap van Elohim bereik omdat hulle eintlik planeetmense is wat suiwer tot hierdie aarde hoort.** Hulle is pure skepsels van hierdie aarde, begaafd met intellek, verstand en gewete, maar met minder vrye wil as julle as blanke mense.

## Lesing 15.05.17- Die ontstaan van ons aarde - verskillende skeppingsperiodes:

**Boek v Her - Tweede droomgesig van Henog**

**Gen 6:1** TOE die adamiete op die aangesig van die Adamah[adamiet se Aarde] begin vermeerder en daar vir hulle dogters gebore is, [Boekrol van Henog 6:1]

Gen 6:2 sien die Seuns van die Elohim dat die dogters van die adamiete suiwer was, en hulle het vir **hulle as vroue geneem** almal wat hulle verkies het. [Boekrol van Henog 15:3]

Gen 6:3 Toe sê JaHWeH: My Gees sal nie vir ewig in die adamiet heers nie, omdat hy ook vlees is; maar sy dae sal wees honderd-en-twintig jaar. [Boek van die Opregte 5:8; 6:22; Boekrol van Henog 64]

Gen 6:4 In dié dae was die **Nefilim** in die Aarde, en ook daarna [sal dit so wees], toe die Seuns van die Elohim by die dogters van die adamiete ingegaan en dié vir hulle kinders gebaar het. Dit is die geweldadiges uit die ou tyd, die manne van naam. [Boekrol van Henog 7:2; 86:3]

Gen 6:5 Toe JaHWeH sien dat die besoedeling van die adamiet op die Aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net besoedel was,

Die val van die Boodskappers.

**Henog 6. 1** EN so het dit dan gebeur dat die kinders van die adam vermeerder het en dat daar in daardie dae pragtige, aanvallige dogters vir die adamiet gebore is. [Génesis 6:1-2]

2 En die Boodskappers, die kinders van die Hemele, het hulle gesien en hulle met wellus begeer, en toe vir mekaar gesê: Kom, laat ons vir ons vroue kies onder die kinders van die adam en vir ons kinders verwek.

3 En Semfazas, wat hulle leier was, het aan hulle gesê: Ek is bevrees julle sal nie instem tot hierdie daad nie en dan moet ek alleen die straf vir hierdie groot oortreding betaal.

4 En hulle het hom geantwoord en gesê: Laat ons almal 'n eed neem, en ons verbind deur onderlinge vervloeking dat ons nie hierdie plan sal laat vaar nie, maar hierdie plan effektief sal uitvoer.

5 Daarop het almal saam gesweer en hulleself verbind met onderlinge vervloekinge.

**Boek v Herinnering - Die tweede droomgesig van Henog:**

**HFS 85** HIERNÁ het ek nog 'n droom gehad, en ek sal die hele droom aan jou wys, my seun.

3 Voordat ek jou moeder, Edna, geneem het, het ek 'n visioen op my bed gehad - en kyk, 'n bul het uit die Aarde voortgekom en daardie bul was **wit**; daarna het 'n vers voortgekom, (***Adam en Eva***) en saam met laasgenoemde het twee bulle voortgekom, die een **swart** en die ander rooi. (***Kain en Abel***)

4 Maar die swart bul het die rooi een deurboor en hom oor die Aarde gejaag en daarna kon ek die rooi bul nie meer sien nie.

5 Maar die swart bul het gegroei en die vers het saam met hom gegaan, en ek het gesien dat daar baie bulle uit hom gekom het en hulle het soos hy gelyk en hom gevolg.

8 Hierna het sy (Eva) nog 'n wit bul (Set) voortgebring, en daarna het sy baie swart bulle en koeie gehad. [Génesis 4:25]

9 Ek het in my slaap gesien hoe daardie wit bul ook gegroei het en 'n groot wit bul geword het, en uit hom het daar baie wit bulle voortgekom, en hulle het soos hy gelyk.

**Die val van die Boodskappers**

**HFS 86** EN weer het ek met my oë gesien terwyl ek geslaap het, en ek het die Hemele daarbo gesien, en kyk, '**n Ster het uit die Hemele** geval, en hy het opgestaan en geëet en gewei tussen daardie bulle.

2 Daarna het ek die groot en swart bulle gesien, en hulle het almal hul stalle [begin] verander, en hul weiplekke, en hul bulle, en hulle het bymekaar begin woon.

3 En ek het weer die visioen gesien, en het opgekyk na die Hemele, en kyk, ek het baie Sterre sien neerdaal, en hulle het hulle by die eerste Ster op die Aarde gevoeg, en hulle het bulle geword tussen daardie bulle, en saam met hulle gewei, tussen hulle.

4 En ek het na hulle gekyk, en gesien, en kyk, hulle het hul geslagsdele uitgehaal, soos perde, en het die koeie van die bulle begin dek, en hulle het almal dragtig geword en **olifante gebaar, en kamele en esels.**

5 Al die bulle het hulle gevrees en was vreesbevange vir hulle; en hulle [die wat gebaar is] het met hul tande begin byt om te verskeur en met hul horings gegaffel.

6 Hulle het begin om daardie bulle te verslind; en kyk, al die kinders van die Aarde het begin bewe en skud voor hulle en het van hulle af weggevlug.

## Lesing 16.05.17- Die ontstaan van ons aarde - verskillende skeppingsperiodes:

**Opregte 4:16** En al die seuns van die Adam het die Weë van JaHWeH verlaat.....

18 En hulle regters en heersers het na die dogters van die adam gegaan en het hulle met geweld by hulle mans afgeneem volgens hulle keuses en die seuns van die Adam het in daardie dae van die diere van die Aarde geneem, die diere van die veld en die voëls van die Hemele, en het die vermenging van een soort met die ander geleer, met die doel om JaHWeH te tart en Elohim het die hele Aarde gesien en sy was verbaster [*Génesis 6:12*], want alle vlees op die Aarde se wandel was verbaster, alle adamiete en alle diere.

**Henog 7 Die demoralisering van die adamiet**

1 EN al die ander saam met hulle het vir hulle vroue gevat, en elkeen het vir homself een gekies in die een-duisend-eenhonderd-en-sewentigste jaar van die wêreld, en hul het by hulle ingegaan en hulle besoedel deur met hulle te vermeng. En hulle het aan die vroue towerspreuke en betowerings geleer; ook hoe om wortels te sny en het aan hulle bome getoon.

2 En hulle het swanger geraak en groot reuse gebaar, reuse wat [besonder groot] groot was; *[Génesis 6:4-6]*

3 Hulle [die reuse] het alles wat die adamiet tot stand gebring het, verteer en tot niet gemaak. En toe die adamiete hulle nie langer kon verduur nie,

4 het die reuse teen hulle opgestaan en die adamiete verslind.

5 Hulle het begin om teen die voëls te oortree, teen diere, en reptiele en visse, en ook om mekaar se vlees te verorber en die bloed te drink. *[MattithJaHûW 24:37 -39]*

6 Toe het die Aarde die wetteloses aangekla.

**Oorlog en toorkuns**

8 EN Azazel het die adamiet geleer hoe om swaarde te maak en messe en skilde en borsplate. Hy het hulle die dinge daarna getoon, en die kuns om dit te maak: armbande en ornamente, die kuns om die oë op te maak en die ooglede te versier, die mees kosbare en uitgesoekte gesteentes, en alle soorte kleurtinte.

3 Semfazas het onderrig gegee in betoweringe en wortelsnitte; Armaros in die verklaring van betoweringe; Batarêl oor die astrologie; Kokabiël oor sterrebeelde; Ezegiël aangaande die Kennis van wolke; Barakial oor die tekens van die Aarde;

***69:*12** Die vyfde se naam was Kasdeja: dit is hy wat die kinders van die adam die uitwissing deur die geeste en demone gewys het, en die uitwissing van die embrio in die baarmoeder, dat dit vernietig kan word, en die uitwissing van die siel, die byt van Nagash/slang, en die uitwissing wat volg op die hitte van die middag, die seun van Nagash/slang wat sterk is.

**Henog in Elohim se Teenwoordigheid**.

Hfs 15:2 En gaan sê aan die **Wagters van die Hemele**, wat jou gestuur het om as bemiddelaar vir hulle op te tree: Julle behoort as bemiddelaars op te tree vir die adamiet en nie die adamiet vir julle nie:

3 Waarom dan het julle die hoë, aparte en ewige Hemele verlaat en met vroue ingegaan en julleself besoedel met die dogters van die adam en vir julle vroue geneem en gedoen soos die kinders van die Aarde, en reuse as julle seuns verwek? *[Génesis 6:2-4]*

4 Alhoewel julle apartgestel was, en geestelik die Ewige Lewe geleef het, het julle julself besoedel met vroue en het julle vir julle kinders verwek in die bloed van die vlees, en soos die adam, het julle vlees en bloed begeer soos diegene wat moet sterf.

5 Daarom het Ek vir hulle [die adam] ook vroue gegee dat hulle swanger mag word en kinders verwek deur hulle, sodat hulle geen tekort op Aarde sal hê nie.

6 Maar julle was vantevore geestelike wesens, het 'n Ewige Lewe gelei en was onsterflik vir al die geslagte van die wêreld.

7 Daarom het Ek nie vir julle vroue aangewys nie; want soos vir die geestelike wesens van die Hemele, is die Hemele jul woning. *[MattithJaHûW 22:30]*

8 En nou, die reuse wat voortgebring is uit die gees en uit die vlees, sal genoem word geeste van besoedeling op die Aarde, en die Aarde sal hulle woonplek wees.

9 Besoedelde geeste het vanuit hulle liggame uitgegaan; omdat hulle gebore is uit die adam, en uit die apartgestelde Wagters. Dit is hulle begin en oorsprong; hulle sal besoedelde geeste op Aarde wees, en geeste van besoedeling sal hulle genoem word.

10 Wat die geeste van die Hemele betref, die Hemele sal hulle woonplek wees, maar wat die geeste op Aarde betref wat op die Aarde gebore is, op die Aarde sal hulle woonplek wees.

11 Die geeste van die reuse teister, onderdruk, vernietig, val aan, maak oorlog, bewerk vernietiging op die Aarde en veroorsaak moeilikheid: hulle eet nie voedsel nie, maar is nogtans honger en dors, en gee aanstoot.

12 Hierdie geeste sal in opstand kom teen die seuns van die Adam en teen die vroue, want hulle het uit hulle voortgekom. *[Lukas 4:33, 36]*

# Lesing 17.05.17- Die ontstaan van ons aarde - verskillende skeppingsperiodes:

***Die ontstaan van Japan -Die landing van die Meduhediete in Japan***

34 Ons sal ons na "Ihypon" begewe (teens-woordig "Japon" of ook wel "Japan") wat daar wag op die naderende Meduhediete en ons sal ons ook nog `n kort tydjie met hulle ophou.

[2] Deur die gunstige wind wat Ek veroorsaak en met klein omweë om `n kalm see te kan bevaar, het die Meduhediete na dertig dae en nagte dus gelukkig en welbehoudend onder luide gejubel, vrolikheid en lofprysinge van My Naam op die genoemde groot eiland geland en wel in die breë monding van een uit die binneland kom-ende, kalm stromende rivier. Op die rug van hierdie rustige en taamlike breë rivier word hulle in hulle vlotte deur `n taamlike sterk, gedienstige wind tot in die binnenste van die land gedrywe.

[3] Toe hulle nou heeltemal tot in die middel gekom het, val Meduhed op sy knieë neer, heeltemal ontroer deur die wonderlike skoon-heid van die land en dank My een uur lank uit die verstilde dieptes van sy hart en alle oë en ore was op hom gerig.

[18] Want luister! So spreek die Meester: "Solank julle en julle nakomelinge in hierdie gegewe ordening sal bly, so lank sal `n vreemde volk ook nooit die land kan benader en julle vrede versteur nie, en Ekself sal aan julle duisende mooi en nuttige dinge bekend maak en leer maak. Maar indien julle ooit uit My ordening sou tree en in julle godvergetenheid sou bly volhard en nie weer terstond tot My ordening sou terugkeer nie, dan sal Ek `n ander volk verwek en hulle hierheen lei en hulle sal julle onderwerp en tot slawe maak. Dan sal daar `n keiser kom, wat julle heiligdom sal vernietig en julle sal slaan en baie sal laat doodmaak en hy sal julle as esels voor die ploeg laat inspan en julle tugtig soos `n kameel. Hy sal homself alles toe-eien en sal julle honger laat ly en julle verbied om julle dors te les met die sap van vrugte, maar hy sal julle soos `n mak dier na die water dryf. En julle sal vir hom, net soos vir Hanoch, stede moet bou en hom en sy dienare goed voed, sodat hy kragtig sal word om julle te bestry en te dood.

[30] En sien, toe Meduhed sy rede beëindig het, buig die hele volk voor hom en almal val nog een maal, sonder dat Meduhed dit beveel, op hulle aangesig en dank My vir `n dergelike heilsame leer. Hulle staan toe weer op en neem eerbiedig voedsel vir hulleself, lê hulleself toe op die grond en rus en bad van tyd tot tyd gedurende drie dae. Toe staan hulle op, neem die werktuie en voeg eers die brug aanmekaar en gaan daarna met die seën van Meduhed na hulle volgende bestemming na al die rigtings van die land en prys en loof My aanmekaar. En dit is maklik om te begryp dat baie van hulle wys geword het op die wyse van Meduhed; en so leef hulle ongeveer negentien honderd jaar as `n gelukkige volk, byna tot aan die tyd van Abraham en hulle was nie meegesleep deur die sondvloed van Noag nie.

[31] Maar later het hulle My stadigaan begin te vergeet, omdat Ek hulle tot die mees ontwikkelde en rykste volk op aarde gemaak het en hulle kry `n voor-liefde vir allerlei houtsneewerk en verval daardeur volledig tot die duistere afgodery en allerhande hoerery.

[32] En nadat Ek dit gedurende seshonderd jaar lank deur die vingers gesien het en niemand en nogmaals niemand gesien het wat berou gehad het en nie ook maar die geringste aanstaltes maak om homself te bekeer en te verbeter nie, verwek Ek, waarmee Ek hulle reeds by monde van Meduhed laat dreig het, in die omgewing van die huidige Mongolië `n volk tot algemene gesel. Ek laat die volk deur `n engel, wat onsig-baar was, na Ihypon voer en maak vanuit die huidige China `n brug van eilande vir hulle. Verskillende eilande, wat in `n enigsins geboë lyn lê, getuig nog tot op hede van die feit dat die volk net soos die Israeliete oor die Rooi See, met droë voete en ook byna op dieselfde tydstip daar kon gekom het. By die geleent-heid laat Ek toe deur die vuur van die aarde om Ihypon heen talle van die groter en kleiner eilande hulleself verhef en ontstaan as moontlike toevlugsoorde vir enkele van die baie wyse mense, wat daar in grotte gewoon het en My in stilte gedien het, totdat Ek hulle teruggeroep het van die wêreld af.

[35] En so is die land nog tot vandag toe `n keiserryk, half mongools en half oer-ihyponies. Laat die onge-lowige daarheen reis en homself oortuig; maar hy sal weinig baat daarby vind as hy nie die volledige weder-geboorte bereik het nie. En as iemand dit bereik het, dan sal hy nie net die hele oppervlak van die aarde nie, maar ook die diepte daarvan volledig met heldere verheerlikte blik aanskou.

[36] (Want alles wat Ek julle hier gee, is vir My kinders waar en getrou; want ek gee dit nie aan die wêreld nie, maar aan My swak kinders. Daarom moet hulle My Liefde en Wysheid en My woorde en My barmhartigheid nie met die maatstaf van die wêreld meet nie. Want Ek wil nie voor die wêreld skitter nie, maar slegs deur julle geliefd wees. Want Ek het genoeg sonne om voor die oë van die wêreld iets te laat skitter. Maar as julle met julle wêreldse geleerdheid aanmerkings het op My geskrif, wat dink julle wat Ek dan eens met julle wêreldse onsin sal doen? - Leer dit daarom van My; eers wanneer julle deur My onderrig is, sal julle sien en erken wie se voorskrifte hoër staan, - Myne of die van die wêreld. Want die wêreld het die woord in die sin, Ek het egter die sin in die woord, - daarom dwaal diegene wat nie na My op soek is nie, op `n ontsettende manier!)

## Lesing 18.05.17- Die ontstaan van ons aarde - verskillende skeppingsperiodes:

***Die stigting van Sjina - Die voorgeskiedenis van die Sjinese Volk***

[41] En sien, so lei My geliefde Abel hulle sewe dae en nagte lank vinnig na die bestemde plek oor `n meer as dertig dae lange trajek

[42] En toe hulle dan heeltemal behoue op die bestemde plek aangekom het, verskyn beide die wagtende kinders van Elohim, of kinders van My liefde meteens, Ahujel en sy vrou Aza ("seun van die hemel" en sy vrou as "stilswyend regverdige verlange"). Hulle was kleinkinders van die kinders van Adam, vóór Set en hulle neem die blinddoeke van die oë af en verwelkom hulle op die allervriendelikste manier. Die veertien kleintjies verbaas hulleself geweldig oor die twee groot kinders van My liefde, wat die korrekte grootte vir `n mens het, naamlik ses-honderd-ses-en-sestig duim vir die man en ses-en-sestig duim minder vir die vrou, terwyl die grootte van die gereddenes nouliks sestig duim was.

37 Voordat ons nou na Hanoch sal terugkeer, moet Ek julle noodsaaklikerwys nog ietwat van naderby oor die bewoners van Sjina inlig. Onthou en weet dan dat ten eerste, wat die afmetings van die groot kinders van My liefde uit Adam ontspruit het, betref, julle voorstelling verkeerd is, as julle daaronder die liggaamlike grootte verstaan; dog seshonderd ses-en-sestig duim is die getal wat My volledige liefde in die mense aangee. Die duim gee die maatstaf aan van die goeie wat uit die liefde tot My voortkom; daarvan is daar seshonderd vir My, dan sestig vir die naaste en ten slotte ses vir homself. En die maat van die vrou is gelyk aan die goddelike maat in die man; dog in die naasteliefde en die eieliefde van die vrou is `n verskil van ses-en-sestig en vandaar moet die vrou wat dit betref die man in alles volstrek gehoorsaam wees. Daar die vrou uit die eieliefde van die man gevorm is, kan sy haarself ook slegs in die man bemin, as haar liefde opreg sal wees; en omdat sy die man se naaste is, is ook haar naasteliefde allereers op die man gerig, en vandaar die verskil.

[2] Origens was beide, net soos al die kinders van Adam, liggaamlik beduidend groter as die baie verswakte kinders van Kain en hulle het baie magtiger, kragtiger en sterker spiere, are en inwendige organe gehad.

[3] (N.B. Die ooreenkoms van die getal van die mens met die getal van My teenstander berus daarop, dat by die laaste juis die omgekeerde die geval is, om die mees afskuwelike wese in My oë te wees.)

[4] Sien nou, hoe Sihin die eerste was wat sy gemoed na My toe gekeer het; ook was hy die mees volgsame seun van hierdie ouers en het selfs vol sorg ook die ander tot gehoorsaamheid gebring; daarom sê **Ahujel**, terwyl hy hom eers in My Naam seën, in die teenwoordigheid van Aza en al die res:

[5] "Sihin, ek seën jou in die Naam van my en julle Elohim! Die land sal jou naam dra.

[6] Soek die liefde, en die wysheid sal vir julle gegee word en julle stam sal nie uitsterwe voor die einde van alle tye nie; want die Meester sal baie takke aan julle stam maak, sodat julle naam tot aan die einde van alle tye sal voortlewe.

[9] Dog sonder skade aan die vryheid van gees, het die volk ook nie altyd heeltemal dieselfde gebly nie. Volgens die berekening, ongeveer honderd-en-twintig jaar na die sondvloed, groei die nakomelinge van Sihin eweneens tot `n belangrike volk aan en raak dikwels verwikkeld in allerlei twiste en vorm op die manier partye, wat in hulle gebruike en godsdienste verskil. ....En meer van dergelike grapmakery, waardeur daar dan ook `n massa sektes gestig word en die ryk daardeur in baie verskillende bestuurs- en onderwys-groeperinge verval, en so gaan die versplintering voort tot in die jaar 3700 nadat Adam in die lewe geroep was. Totdat dit selfs by julle beter geskiedskrywers die meer bekende bouer van die Hehu-Tsin"s linie (beskermende muur), Tschi-Hoang-Ti (wyse alleenheerser oor die volk) genaamd, optree.

[11] Nou kom al wat hande het, bymekaar en die muur was in agt en `n halfjaar voltooi en het `n lengte van meer as agthonderd-en-sewentig duisend manslengtes, die breedte was nege manslengtes en die hoogte negentien manslengtes. En dit was al om die honderd lengtes voorsien van `n tien lengtes hoë wagtoring, waarin honderd man onafgebroke, mekaar afwisselend, moes waghou.

[13] Die ryk verval toe weer in baie dele, tot eindelik in die jaar van die wêreld 3786]. Totdat Liehu-Pang (`n straatrower) `n leër van gelykgesindes byeenbring, en as veldheer alles onderwerp en homself ten slotte as alleenheerser (keiser) en seun van die hemel, op die troon geplaas het. Soveel as maar moontlik was, het hy ou, nog êrens verborge geskrifte en sages versamel, reël die godsdiens, stel priesters aan wat oor die heiligdom moes waak en skei die volk in bepaalde klasse of kastes, waarbinne mense moes bly op straf van die dood.

[14] Hiermee stig hy die sogenaamde hemelse ryk of die groot dinastie (Han) en brei selfs verby die muur aansienlik in `n westelike rigting uit. En so bly die ryk voortbestaan tot in die vierde eeu voor die groot menswording van My Woord, waarna daar wederom `n groot splitsing plaasvind, waarby `n groot deel van Tartarië en Mongolië verlore was. Dit val daardeur uiteen in drie ryke, wat mekaar bestry en so `n ryk noem mense Tschenkue en nog later, in die vierde eeu, na die groot menswording van My Woord, sterf die geslag uit. Die ryk kom terwille van die volke en die priesters in dieselfde hemelse gedaante onder `n Mongools-Tartaarse heerser wat homself in die omgewing van die Baikalmeer opgerig het en hy bevind homself nog tot vandag toe onder dieselfde leiding, wat meer verdraagsaam is.

## Aarde en Maan deur Jakob Lorber - Christelike volkere in die jaar 1847

### *Jode, Mohammedane en Brahmane vanuit `n geestelike oogpunt 28 April 1847*

**75** Ons sal natuurlik nie al die groepe wat die aarde bewoon, afsonderlik beskou nie, aangesien dit teveel tyd en teveel ruimte in beslag sou neem, maar ons sal net `n algemene blik op die sogenaamde verhoudinge gooi, waarin die verskeie inwoners van die aarde hoofsaaklik verkeer en wat die geestelike verband tussen hulle en die hemel bewerkstellig.

[02] Aangesien ons tot nou toe net aan "Christene" aandag gegee het en die ander bewoners van die aarde onaangeroer gelaat het, kan dit `n leser mettertyd byval, in hierdie opsig waar dit gaan om `n totaal daarstelling van die aarde te gee, `n paar sarkastiese opmerkings te maak, waaraan daar in elk geval geen tekort sal wees nie. Die sogenaamde "kritikusse" van beroep moet mos alles kritiseer en besnuffel en skel; want dit is mense wat van skel lewe, en omdat die wêreld tans baie eerder, en met groot oplettendheid, skelwoorde as prysing lees, is hierdie bose eienskap van die wêreld `n baie besonderse kragtige hefboom, om kritikusse te lei sodat hulle oor alles moet skel. Hulle loof net werke en dade van mense met mag, vir wie dit maklik is om die kritikusse deur baie gevoelige middele aan te keer. Daarom spoeg hierdie skellustige wêreldwyses meer gal oor diegene, by wie hulle nie vir `n pak slae hoef bang te wees nie, waarom dit nodig is om hulle eselbekke soveel as moontlik vooraf toe te stop en onder andere in sodanige boodskap ook `n bietjie hooi by te meng, sodat hierdie arme diere ook iets het om te vreet.

[03] Met betrekking tot die mededeling oor die aarde, is daar nie veronderstel om gevra te word wat die rol van die ander inwoners op aarde is nie, omdat die hoofsaak tog altyd die Christene bly, en die geestelike aarde net deur Christengeeste, maar nooit deur heidense geeste beheers en gelei word nie; - maar dit gaan hier bloot oor `n paar porsies hooi vir die kritikusse sodat hulle ook iets het om te vreet. - Die tropiese lande is bekend daarvoor dat daar aansienlik meer gras groei as lande met `n gematigde klimaat waar die Christelike vlag meestal waai; daarom kan ons ook verseker wees dat ons juis in tropiese lande `n **oorvloed hooi** sal vind, en daarom sal ons onsself in hierdie opsig tot die ander inwoners van die aarde wend.

**Die Jode vanuit `n geestelike opsig**

**Hfs 8:1** En sien, die ewige Liefde het Haar Aangesig verberg en vir `n bepaalde tyd weggegaan volgens die getal van haar orde en was blind uit die diepte van Haar Barmhartigheid en wou en kon nie weet wat die nuwe skepsels sou doen in die oordeel van Elohim, gedurende die proeftydperk van hulle vryheid, gedurende die kort tyd, wat aan hulle deur die barmhartige Liefde op aarde gegee is nie en die oord, wat `n vasteland was, is aan hulle gegee as `n woning. Dit was `n vallei en daarin was `n tuin, wat genoem is, die Paradys, en dit was die land wat later van melk en heuning sou oorloop, en was ook die plek wat tydens die groot tyd, van tye, deur die grootste daad, van die ewige Liefde, Betlehem (Beth Legem in Hebreeus, wat huis van Brood beteken: die vertaler) geheet het, en sal vir ewig so heet en was die plek waar die ewige Woord, liggaamlik in die Vlees, vir die eerste keer, die lig van Sy Barmhartigheid aanskou het en die trane van Barmhartigheid van die wye son, die maan en al die sterre uitgestraal het.
**Hfs10**:[12] En nou het julle alles gehoor wat julle nodig het om te weet sodat julle My seën kan ontvang!
[13] En wees dus geseënd deur die Hand van Mag en die Hand van Krag van die ewige Liefde van die gewyde Vader en die Krag van die Gees, wat apart is uit beide van Ons en bevrug en vermeerder julleself en vul die aarde met die lewendige vrug van hierdie seën!
[14] En altyd, wanneer julle mekaar nader op grond van hierdie seën, bied julle harte vir My aan! Wanneer julle dit nie doen nie, sal die slang, wat nog lewe en ook vir ewig sal lewe in die Grimmigheid van Elohim, die vrug in julle laat besoedel en jy, Eva, en almal van jou geslag, sal dan in plaas van `n vrug van seën, `n vrug van vernietiging in die wêreld bring en hulle sal dan die kinders van seën en van die Lig in groot hoeveelhede vernietig en aan hulle dolheid en woede sal geen einde wees nie en op die manier sal julle die oortreding aan almal as nalatenskap oordra en julle skuld sal sigbaar word tot by die groot tye van die tye en ook daarna.
[15] En hierdie aanbieding van julle harte, vir ontvangs van My Seën van Barmhartigheid, is vir julle gegee as `n gewyde taak wat julle altyd aan My verskuldig sal wees, elke keer wanneer julle mekaar terwille van My Seën nader. Hierdie nuwe en maklike Gebod, wat julle so pas uit My Mond ontvang het, is die eerste gemeente wat Ek voor julle ter herdenking aan My stig en sal julle in dankbaarheid herinner aan die dade van die barmhartige Liefde en julle teruglei in die gewyde vrees vir Elohim!
[16] `n Gees sonder oortreding, met `n vlammende Swaard in die Hand wil, Ek aan julle van bo stuur, sodat Hy vir julle kan lei en die hele aarde, vanaf die een hoek daarvan tot die ander, kan wys, en Hy sal die dwalinge van die wêreld verlig en sal julle ook tugtig wanneer julle afwyk van My weë.
[17] Dit alles sê die ewige Liefde aan julle in die Naam van die gewyde Vader. Amein."
**Hfs 11:1** En kyk, toe verdwyn die Liefde voor die oë van die wat geskep is en het teruggekeer na die gewyde Skoot van die Vader.
3] En skryf nou verder! - En nou was die nuut geskape paartjie alleen op die wye aarde en die beloofde Engel met die vlammende Swaard in Sy regterhand het verskyn; en toe hulle Hom sien, het hulle groot geskrik, sodat hulle voor Sy oë uitgevlug het en tot in hulle ingewande van vrees gebewe het.
[4] Die vrees het die tyd van Eva bespoedig en in pyn het sy die verbode vrug afgelê wat die slang met die blindheid van Adam in haar geplaas het.
[5] En Adam het na die naakte vrug gekyk en opgemerk dat die vrug soortgelyk aan homself was en verheug homself daaroor en Eva het die vreugde van Adam waargeneem en het toe vol begeerte die vrug van haar liefde aan haar bors gedruk.
[6] En sien, toe kry sy het `n soortgelyke steek in haar bors, nes die steek van die slang en lê toe in groot angs die vrug op die aarde neer, vas oortuig dat sy weer oortree het.
[7] Maar sien, toe verskyn die groot Engel met Sy sagte Aangesig voor die angsvolle en vreesbevange paartjie en sê toe met `n vaste stem vir hulle:
[8] "Moet nie angstig en bang word vir die kneg van JaHWeH wat vir julle van bo gestuur is, om die aarde aan julle te toon en om julle in te lig oor die dwalinge van die wêreld nie - en ook om julle en julle nageslag te tugtig as julle ooit van die weë van die ewige Liefde en van die oneindige gewydheid van Elohim afwyk.
[9] Sien, hierdie vrug is nie meer vir julle `n oortreding nie; maar dit is net die gevolg van die drievoudige ongehoorsaamheid teenoor Elohim en is die dood van julle vlees, wat julle in julle vlees verwek het, deur julle begeerte en selfsugtigheid. Julle mag hierdie vrug nie van julle af weggooi nie, maar hou dit volgens die wil van bo, as getuienis oor julleself en julle nederigheid, sodat julle met tyd kan ervaar hoe die oortreding deur julle en deur die oortreding, ook die dood in die wêreld gebring het; maar die vrug self, moet julle "Kain", of "bringer van die dood" noem!"
[10] Toe het die paartjie deur die boodskap van die Bode

# Lesing 6– Die Eerste gevalle Seuns van Elohim: 18 Mei 2013

**Gen 6:1** TOE die adamiete op die aangesig van die Adamah[adamiet se Aarde] begin vermeerder en daar vir hulle dogters gebore is, [Boekrol van Henog 6:1]
2 sien die Seuns van die Elohim dat die dogters van die adamiete suiwer was, en hulle het vir hulle as vroue geneem almal wat hulle verkies het. [Boekrol van Henog 15:3]
3 Toe sê JaHWeH: My Gees sal nie vir ewig in die adamiet heers nie, omdat hy ook vlees is; maar sy dae sal wees honderd-en-twintig jaar. [Boek van die Opregte 5:8; 6:22; Boekrol van Henog 64]
[Opregte 5:8 Want so sê JaHWeH: Kyk, Ek gee julle 'n periode van eenhonderd-en-twintig jaar; as julle jul na My sal bekeer en julle besoedelde weë verlaat, dan sal Ek My ook afwend van die kwaad waarvan Ek julle vertel het, en dit sal nie geskied nie, sê JaHWeH. [Génesis 6:3; Boekrol van die Opregte 6:22]]
4 In dié dae was die Nefilim in die Aarde, en ook daarna [sal dit so wees], toe die Seuns van die Elohim by die dogters van die adamiete ingegaan en dié vir hulle kinders gebaar het. Dit is die geweldadiges uit die ou tyd, die manne van naam. [Boekrol van Henog 7:2; 86:3]
5 Toe JaHWeH sien dat die besoedeling van die adamiet op die Aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net besoedel was,
6 het dit JaHWeH berou dat Hy die adamiet op die Aarde gemaak het, en daar was smart in Sy Hart.
7 En JaHWeH sê: Ek sal die adamiet wat Ek geskape het, van die aangesig van die Adamah[adamiet se Aarde] verdelg, die adamiet sowel as die vee en die kruipende diere en die voëls van die Hemele; want dit berou My dat Ek hulle gemaak het.

**Opregte 2:8** Die saad wat hulle in daardie dae gesaai het, het in die Adamah [die adamiet se Aarde] dorings en distels en doringstruike geword; want van die dae van Adam af was daar hierdie bevel wat betref die Adamah [die adamiet se Aarde], naamlik die vloek van Elohim, waarin Hy die Adamah [die adamiet se Aarde] vervloek het, as gevolg van die oortreding wat Adam gedoen het voor die Aangesig van JaHWeH.
9 Dit was toe die adamiet voortgegaan het om te rebelleer en teen Elohim te oortree, en hulle weë bedorwe gemaak het dat die Adamah [die adamiet se Aarde] ook bedorwe geword het.
19 In daardie dae het die seuns van die Adam begin oortree teen Elohim, en hulle het die **Gebod oortree wat Hy gebied het aan Adam, wees vrugbaar en vermeerder en vul die Aarde.** [Haggai 1:6]
20 Sommige van die seuns van die Adam het hulle vroue 'n drankie laat drink sodat hulle kinderloos sou bly, en dat hulle hul figure kon behou en waardeur hulle pragtige voorkomste nie sou bederf nie.
**Opregte 4:17** En elke man het vir homself 'n god gemaak, en elke man het sy naaste beroof en geplunder sowel as sy bloedverwante, en hulle het die Aarde verdorwe, en die Aarde was gevul met geweld.
18 En hulle regters en heersers het na die dogters van die adam gegaan en het hulle met geweld by hulle mans afgeneem volgens hulle keuses en die seuns van die Adam het in daardie dae van die diere van die Aarde geneem, die diere van die veld en die voëls van die Hemele, en het die vermenging van een soort met die ander geleer, met die doel om JaHWeH te tart en Elohim het die hele Aarde gesien en sy was verbaster [Génesis 6:12], want alle vlees op die Aarde se wandel was verbaster, alle adamiete en alle diere.

**Huishou 39:1** En sien, daarop verlaat hulle die stamvader en gaan heen en hierdie skatte kry byna te veel plek in hulle harte, so erg selfs, dat daar vir My maar baie weinig ruimte oorbly, wat deurgaans natuurlik volstrek nie meer volgens My ordening was nie. En so word dit mettertyd steeds donkerder in hulle harte en hulle word steeds sinliker en sinliker. En hulle kinders het ook so geword en spoedig was daar ook weinig onderskeid meer tussen hulle en die Hanochiete nie.
[2] Daar dit die kinders van Adam opgeval het, dat hierdie vroue buitengewoon mooi was, vra hulle aan die twee, waar hierdie vroue vandaan gekom het.
[3] **Hulle** antwoord: "Uit Hanoch se diepte; daar **is nog baie duisende wat uit die bloed van Kain ontspring het**! Gaan daarheen, verkondig die Naam van die Meester daar en dieselfde loon sal julle deel word. Hored het daarheen gegaan en was beloon; ons het daarheen gaan en die loon het ons op die hart gebind!" -
[4] En hulle wat dit verneem het, hulle aantal was sewe, begewe hulleself na die diepte.

**Opregte 5:21** Al die seuns van die Adam wat JaHWeH geken het, het in daardie jaar gesterf voordat JaHWeH die ellende oor hulle gebring het, want JaHWeH het dit gewil dat hulle moes sterf sodat hulle nie die ellende kon sien wat Elohim oor hulle broers en bloedverwante sou bring, soos Hy verklaar het dat Hy sou doen nie.

**Henog 6:1** EN so het dit dan gebeur dat die kinders van die adam vermeerder het en dat daar in daardie dae pragtige, aanvallige dogters vir die adamiet gebore is. [Génesis 6:1-2]
2 En die Engele/Boodskappers, die kinders van die Hemele, het hulle gesien en hulle met wellus begeer, en toe vir mekaar gesê: Kom, laat ons vir ons vroue kies onder die kinders van die adam en vir ons kinders verwek.
3 En Semfazas, wat hulle leier was, het aan hulle gesê: Ek is bevrees julle sal nie instem tot hierdie daad nie en dan moet ek alleen die straf vir hierdie groot oortreding betaal.
4 En hulle het hom geantwoord en gesê: Laat ons almal 'n eed neem, en ons verbind deur onderlinge vervloeking dat ons nie hierdie plan sal laat vaar nie, maar hierdie plan effektief sal uitvoer.
5 Daarop het almal saam gesweer en hulleself verbind met onderlinge vervloekinge.
6 En hulle was altesaam tweehonderd wat in die dae van Jared neergedaal het op die kruin van die berg Hermon, en hulle het die berg Hermon genoem, omdat hulle saamgesweer het en hulleself onderling met eedswering verbind het.
**7:1** EN al die ander saam met hulle het vir hulle vroue gevat, en elkeen het vir homself een gekies in die eenduisend-eenhonderd-en-sewentigste jaar van die wêreld, en hul het by hulle ingegaan en hulle besoedel deur met hulle te vermeng.

# Lesing 29.05.17- Die ontstaan van ons aarde - Innerlike skepping van die siel

***GJE Boek 1 Hfs 157 - 162***

***Die eerste skeppingsdag***

157 **(JAHSHUA:)** "Daar staan tog geskrywe: "In die begin skep God hemele en aarde, en die aarde het woes en leeg geword en in die diepte was duisternis; maar God se Gees het oor die watersgesweef .

[2] En God spreek: "Laat dit lig word!", en dit word lig. God sien dat die lig goed was; toe skei Hy die lig van die duisternis. Hy noem die lig "dag" en die duisternis "nag". So ontstaan uit aand en oggend die eerste dag."

[3] Sien, dit is die woorde van Moses! As jy hulle volgens hulle natuurlike betekenis opneem, dan moet jy tog met die eerste oogopslag al sien watse groot onsin daaruit voortkom!

[4] Wat bedoel Moses dan met die "hemele" en die "aarde", waaroor hy sê dat dit in die begin geskape is? Die "hemele" is die geestelike en die "aarde" is die natuurlike **in die mens**; hierdie was en is nog steeds woes en leeg - net soos by jou. Die "waters" is jou slegte insig in alle dinge, die Gees van God sweef wel daarbo, maar bevind Haarself nog nie daarin nie.

[5] Maar omdat God se Gees steeds sien dat dit in jou materiële wêrelddiepte verskriklik donker is, sê Hy as`t ware aan jou: "Laat dit lig word!"

[6] Dan begin dit in jou natuur skemer word en God sien hoe goed die lig is vir jou duisternis; maar jy kan en wil dit self maar nie insien nie. Daarom vind daar dan ook `n verdeling in jou plaas, dag en nag word naamlik geskei, en deur die dag in jouself te herken, herken jy dan die vroeëre nag van jou hart.

[7] Die eerste natuurlike staat van die mens is die van diepe aand, dus nag. Maar omdat God Hom `n lig gee, daarom is die lig vir die mens `n ware môrerooi en so ontstaan uit die aand en die môrerooi van die mens werklik sy eerste lewensdag.

[8] Dit is tog begryplik dat as Moses wat in alle wetenskappe van die Egiptenare ingewy was, in sy geskrifte die eerste natuurlike dag van die aarde wou aangee, hy met al sy kennis en wysheid tog wel sou gemerk het dat uit die aand en die môre nooit `n dag kan ontstaan nie, want na die aand volg in die natuur altyd nog die donker nag, en die dag kom eers na die môre.

[9] Wat dus tussen aand en môre lê, is nag; maar wat tussen môre en aand lê, is dag!

[10] As Moses gesê het: "En so ontstaan daar uit môre en aand die eerste dag!", dan sou jy wel kon aanneem, dat dit die natuurlike dag was; maar hy sê dit om `n regte beeld te gee, presies omgekeerd, en dit het te make met die aand en trouens die nag van die mens, wat heel begryplik is, omdat niemand nog ooit `n kind gesien het wat oor al die wysheid beskik nie.

[11] As `n kind in hierdie wêreld gebore word, heers daar in sy siel volkome duisternis en dus nag. Die kind word groot, kry allerhande onderrig en daardeur steeds meer insig in allerhande sake en dit is die aand, dit wil sê, dit begin in die siel so skemerig te word soos dit vergelykenderwys saans is.

[12] Jy sê wel dat dit ook smôrens skemer is en Moses kon dan ook gesê het: "En so ontstaan uit die oggendskemering en uit die eintlike ligte môre die eerste dag!"

[13] Dan sê Ek: Sekerlik, as hy volgens die betekenis van die geestelike beeld die grootste onsin aan die mense wou vertel het! Maar Moses het geweet dat net die aand ooreenstem met die aardse toestand van die mens; hy het geweet dat dit met die suiwer aardse verstandelike ontwikkeling by die mense presies so gaan as met die steeds swakker wordende lig van die natuurlike aand.

[14] Hoe meer die mense met hulle verstand aardse dinge probeer vind, des te swakker word die suiwer goddelike Lig van die Liefde en van die geestelike lewe in hulle harte. Daarom noem Moses so `n aardse lig van die mens ook die aand.

[15] Slegs wanneer God deur Sy Barmhartigheid `n lewensliggie in die hart van die mens aansteek, dan begin die mens eers die onbeduidendheid in te sien van alles wat hulle eerder met hulle verstand, die geestelike aand, hulleself toegeëien het en hulle sien dan ook langsaam maar sekerlik steeds meer in dat al die skatte van dié aandlig net so verganklik is soos dié lig.

[16] Maar God se ware Lig, aangesteek in die hart van die mens, Hy is die môre wat met en uit die voorafgaande aand `n noodsaaklike voorwaarde is vir die eerste egte dag van die mens.

[17] Deur hierdie verklaring wat Ek nou gee, moet jy nou ook insien dit daar `n enorme verskil bestaan tussen die twee ligte of liewer insigte, want alle kennis in die wêreldse aandlig is bedrieglik en daarom ook verganklik. Slegs die Waarheid duur vir ewig; maar die bedrog moet uiteindelik tot niet gemaak word."

# Lesing 30.05.17- Die ontstaan van ons aarde - Innerlike skepping van die siel

***Die tweede skeppingsdag***

158 **(Die Meester:)** "Dit sou egter maklik kon gebeur dat God se Lig in die hart van die mens uitstroom in die aandlig in en dat niks daarvan oorbly of dat dit homself minstens so vermeng dat die mens uiteindelik nie meer weet wat die natuurlike en wat die goddelike lig in die mens is nie.

[2] Daarom vestig God `n vaste rots tussen die twee waters, waarmee die tweërlei kennis bedoel word waaroor Ek nou wel voldoende opheldering gegee het en Hy splits so die twee waters.

[3] Hierdie vaste rots is die eintlike hemele in die hart van die mens en kom tot uiting in `n ware lewende geloof, maar in der ewigheid nooit deur leë en onbeduidende spekulasies van die verstand nie.

[4] Daarom noem Ek nou ook diegene wat die sterkste en onwankelbaarste geloof het, `n rots en plaas hom as `n nuwe vaste rots tussen hemele en hel, en geen enkele duistere mag van die hel sal hom in ewigheid ooit kan bemeester nie.

[5] As so `n vaste rots in die mens `n plek gekry het en die geloof sterker en sterker word, dan maak die geloof steeds duideliker sigbaar hoe onbeduidend die natuurlike verstand is. Die natuurlike verstand laat homself dan deur die geloof regeer en so ontstaan in die mens uit sy aand en sy steeds ligter môre die volgende dag, wat reeds baie ligter is.

[6] In so `n toestand soos die tweede dag sien die mens nou reeds net dit wat die ware is, wanneer dit vir ewig volledig waar blyk te wees; maar tot `n regte ordening is hy nog steeds nie in staat nie. Die mens vermeng nog steeds die natuurlike met die suiwer geestelike, vergeestelik die natuurlike dikwels te veel en sien daardeur ook in die gees nog materiële dinge en is daarom ook nog nie definitief in staat om korrek op te tree nie.

[7] Hy lyk soos `n skoon waterwêreld, wat van alle kante omring is deur lug waar die lig daardeur skyn en hy uiteindelik nie in staat is om te onderskei of sy waterwêreld wat bestaan uit lig deurweefde lug, of dit uit dié waterwêreld ontstaan het nie. Hy weet nog nie duidelik genoeg of hy sy geestelike kennis uit sy natuurlike verstand verkry het nie, of het sy natuurlike verstand homself uit die menseskole ontwikkel, wat waarskynlik al aanwesig was en daarom ook in die begin vir hom heimlik werksame geestelike kennis gegee het. Of, om dit nog duideliker te stel, hy weet nie of die geloof uit kennis voortgekom het nie, of kennis uit die geloof voortgekom het nie en wat die verskil is wat daar tussen beide bestaan het nie.

[8] Kortom, hy weet op die oomblik nog nie wat eerste daar was nie, die hoender of die eier, die saadjie of die boom nie.

[9] Dan kom God weer en help die mens verder, as hy uit dit wat aan hom gegee is en dus uit eie krag genoeg gedoen het vir hierdie tweede dag van sy geestelike ontwikkeling. En die verdere hulp bestaan daaruit dat die lig in die mens versterk word, waardeur dit as die voorjaarson, nie net deur die groter ligsterkte nie, maar veral ook deur die warmte wat hierdeur veroorsaak word, alle sade wat in die hart van die mens gelê het, begin te bevrug.

[10] Die warmte heet Liefde en is geestelik die bodem, waarin die sade gaan ontkiem en wortel gaan skiet.

[11] En sien, dit is die betekenis van wat in Moses geskryf staan, dat God beveel het dat die waters hulleself op bepaalde afgesonderde plekke moet versamel en dat die droë en vaste grond daardeur sigbaar word, wat die sade nodig het om uit te kan groei tot lewende en lewegewende vrugte!

[12] En daar staan geskrywe: "En God noem die droë deel "aarde" en die water wat nou op bepaalde plekke versamel het, "see".

[13] `n Vraag is dan: "Vir wie het God dit so in woorde gegee?" - Sekerlik nie vir Homself nie, want dit sou tog alte lagwekkend wees om te dink dat die hoogste goddelike Wysheid `n spesiale plesier daaruit sou put sodat dit vir Haar, net soos vir `n mens, gelukkig sou maak om die droë deel "aarde" en die water wat op bepaalde plekke afgesonder was, "see" te noem. ....

[16] So word in die mens `n skeiding aangebring, selfs binne die natuurlike gedeelte. Die kennis het `n eie plek: Dit is die see van die mens. En die liefde wat uit die vrugbare bodem van die kennis voortgekom het word steeds deur die see, synde die totale kennis van die egte lig, omspoel en versterk om steeds rykliker allerhande edele vrugte voort te bring."

### *Die derde skeppingsdag*

159 **(JaHshua:)** "As die insig van die mens dus die liefde van alle kante omgewe en daarby meer en meer verlig en verwarm word deur die vuur van die liefde, wat dit steeds meer voeding gee, dan word die mens ook in alles steeds **energieker en meer tot dade in staat.**

[2] In hierdie toestand kom God weer tot die mens, natuurlik - dit is vanselfsprekend - in die gees en Hy, as die Ewige Liefde, sê aan die liefde in die hart van die mens: "Laat die aarde nou allerhande soorte grasse en kruie voortbring om bestuif te word en allerhande soorte vrugbare bome en struike, wat elk na sy eie aard vrugte dra en sy eie saad by homself op aarde!"

[3] Na hierdie gebod van God in die hart kry die mens dan `n standvastige wil, krag en moed en hy kom aan die werk.

[4] En sien! Sy regte Insig styg soos reënbelaaide wolke op bo die geordende see en trek oor die droë aarde, wat haar bevogtig en vrugbaar maak. En die aarde begin groen te word, bring allerhande grasse en kruie met sade voort en allerhande vrugtebome en struike met saad. Dit beteken dat die liefde in die hart van die mens dadelik daarna verlang en wil wat die regte verstand, wat deur die hemelse wysheid verlig is, as volledig goed en waar herken.

[5] Want net soos die saad, wanneer dit in die aarde geplaas word, weldra opkom en `n veelvoudige vrug voortbring, so bring ook die korrekte ware kennis in die lewenskragtige bodem van die hart vrugte voort.

[6] Die werksaamheid van die saad is so, dit wek die lewenskrag wat in die aarde sluimer en die lewenskrag konsentreer homself dan dadelik steeds meer rondom die saad en maak dat dit ontkiem en `n plant word wat baie vrugbaar is. Oftewel, die ware kennis word eers in die hart omgesit in die daad en uit die daad volg dan allerhande werke; en daaroor spreek Moses met wyse woorde in sy Génesis, en wel in die vorige woordelik bespreekte eerste hoofstuk, verse 11 en 12.

[7] Die oorspronklike aand wat deur die Lig uit die hemele tot die ware kennis verhef is van die mens word so `n daad, waarop die werke moet volg; en dit is die derde dag van die ontwikkeling van die hart en die algehele mens in die mens en dit is die geestelike mens. Oor hierdie geestelike mens gaan dit, daarvoor het Moses en al die ander profete van God na hierdie wêreld gekom, net soos Ek nou Self! Ek meen dit is nou tog heeltemal duidelik genoeg vir u!" .....

**Uit GJE Boek 4.160** Die Vierde Skeppingsdag

**160** **(Die Meester:)** "Wat lees u dan in Genesis 1:7 Staan daar nie die volgende nie:

[2] "En God spreek. Laat daar ligte ontstaan aan die hemelgewelf, wat dag en nag skei en tekens gee vir tye, dae en jare, en laat daar twee ligte aan die hemelgewelf staan wat op die aarde skyn! En dit gebeur. En God maak twee groot ligte, `n groot lig wat oor die dag moes heers en `n kleim lig oor die nag, en bowendien ook sterre. En God sit hulle aan die hemelgewelf, omdat hulle op die aarde skyn en die dag en die nag beheers en lig en duisternis skei. En God sien dat dit goed was. So ontstaan uit die aand en die môre die vierde dag."

[3] Kyk, so lui die skeppingsverhaal van die vierde dag woordeliks volgens Génesis.

[4] As u die gegewe maar `n klein bietjie beter ondersoek met - laat ons sê – met u natuurlike denkvermoë, dan moet u, as u Génesis letterlik neem, al by die eerste aanblik die grootste onsin vir u opval!

[5] Volgens Génesis skep God tog al op die eerste dag die lig, en so ontstaan uit die aand en die oggend die eerste dag. Sê dan net, waarvoor die lig was, wat vir drie dae voldoende was om dag en nag te bewerkstellig? En op die vierde dag sê God weer: "Laat daar ligte aan die hemele wees!" Dan vra Ek: Waarvoor dan ligte wat die dag en nag moet skei? Die lig wat op die eerste dag geskape is, het dit immers al drie dae tevore teweeggebring, waarom moet daar dan nou op die vierde dag nog meer lig kom vir dieselfde doel? Bowendien is daar slegs maar sprake van "ligte"; maar oor `n maan en `n son word heeltemal niks gesê nie! Hierdie ligte veroorsaak daarby ook nog tekens - watse tekens dan? -vervolgens tye - wat dan? - en dae en jare - waarvoor dae en jare dan? Is die nag dan niks? Tel die nag dan nie net soveel soos die dag nie?

[6] Bowendien is die aarde rond en is dit steeds aan één kant dag en tegelykertyd aan die ander kant nag. Na gelang die aarde om haar as van die weste na die ooste draai, sal dit steeds daar dag wees, waar die lande hulleself teenoor die son bevind, of veeleer deur die konstante en steeds gelykmatige draaiende beweging in `n sekere sin onder die son ingeskuif word.

[7] As daar dus geen twyfel oor die moontlikheid is dat die natuurlike dag op aarde deur haar eie beweging tot stand gebring word nie, waarby die son niks doen behalwe om steeds vanaf één plek lig te gee en deur haar lig die dag veroorsaak tot daar waar haar strale reik, en op die manier nooit of te nimmer die dag kan of wil regeer nie, - dan vra Ek: Hoe sou Moses dan met sy ligte die son en die maan kon bedoel het? En as Moses die natuurlike son en die natuurlike maan bedoel het, dan sou hy ter verduideliking van sy openbare mededeling aan die mensdom hierdie ligte sekerlik met name genoem het, want in Moses se tyd het al die mense die name van hierdie twee hemelliggame alreeds geken!

# Lesing 01.06.17- Die ontstaan van ons aarde - Innerlike skepping van die siel

**Vervolg GJE B1 Hfs 160.[8]** Daarby spreek Moses oor `n hemelgewelf (koepel), wat in werklikheid in die natuurlike ruimte nêrens bestaan nie, daar die son, maan, alle sterre en ook die aarde self in die volledige vrye, deur niks en nêrens beperkte eter sweef en deur eie wette op hulle bestemde plekke gehou word, hulleself vry bewegend en is nêrens aan een of `n ander hemelgewelf bevestig nie!

[9] **Want daar is maar één hemelgewelf in die eindelose vrye ruimte, en dit is die Wil van God, wat deur Sy ewige onveranderlike wet die hele ruimte en alles wat daarin is, vervul**.

[10] As diegene wat dit aan u oog wil voorhou as dat die groot en wye blou uitspansel `n hemelgewelf is en son, maan en alle sterre is as`t ware daaraan vasgemaak, hoe sou hulle hulleself dan kon beweeg en hoe sou veral die planete wat aan u bekend is, dan almal van plek kon verander?

[11] Van die ander sterre, wat u vaste sterre noem, lyk of hulle êrens vasgemaak is; maar dit is nie so nie. Hulle is egter so ontsettend ver van die aarde verwyder en hulle bane is so uitgestrek, dat hulle daarom dikwels meer as honderdduisend aardse jare neem om dit te voltooi, sodat hulle bewegings daardeur ook selfs deur honderd generasies nie heeltemal opgemerk kan word nie. En dit is die rede waarom hulle vir u as onbeweeglik voorkom; maar die werklikheid is anders en daar is nêrens `n sogenaamde hemelgewelf in die hele oneindige ruimte nie.

[12] Dit gewelf wat Moses bedoel, is die **vaste wil** wat volgens die ordening van God voorkom uit die regte begrip en uit die liefde, wat die geseënde aardryk van die lewe is. Hierdie wil kan slegs voortkom uit die vrugte-skenkende volheid van die ware liefde tot God in die mensehart, wat self ontstaan uit die hemelse Lig wat God in die mens laat instroom, toe Hy die innerlike duisternis verdeel het in aand en môre. Hierdie egte liefde saam met die regte insig en die ware verstand, wat hulleself in die mens uiter as `n lewende geloof, is die hemele in die mens. En die daaruit voortkomende vaste wil om te voldoen aan God se orde is die hemelgewelf in die mens. En aan so `n hemelgewelf gee God, as dit geheel en al ooreenstem met Sy liefdevolle wil, nuwe ligte uit die hemele der hemele, wat die suiwer Vaderliefde in die hart van God is. En die ligte verlig dan die wil en verhef dit tot die insig van die engele uit die hemele der hemele en verhef daardeur die geskape mens tot die ongeskape Kind van God, wat nou deur sy eie vrye wil self volgens die goddelike ordening tot Kind van God omgevorm het!"

### *Vervolg van die vierde skeppingsdag*

**161 (Die Meester:)** "Solank die mens `n skepsel is, is hy tydelik en verganklik en kan hy nie bly bestaan nie, want elke mens is as natuurlike skepsel slegs `n bruikbare houer, waarin die eintlike mens hulleself slegs met voortdurende hulp van God kan ontwikkel.

[2] As die houer self `n voldoende graad van ontwikkeling bereik het, waartoe God die houer oorvloedig met alle nodige bestanddele en eienskappe toegerus het, dan wek, of liewer, ontwikkel Hy Sy ongeskape ewige gees in die hart van die mens. Hierdie gees is na die mate van sy uitwerking dit wat Moses bedoel en ook wil hy dat dit so begryp moet word, as hy spreek oor die twee groot ligte wat aan die uitspansel geplaas word, en dit het alle aartsvaders en profete ook altyd so en nooit anders bedoel nie.

[3] Die ewige ongeskape vir ewig lewende Lig aan die uitspansel in die mens is dan slegs die volledige **ware Dirigent (jou gees)** van die ware dag in die mens, en Hy leer die vroeëre houer om homself geheel en al te omvorm tot `n ewige ongeskape goddelike wese en om so die hele mens tot `n ware Kind van God te maak.

[4] En elke geskape mens het `n **lewende siel**, wat ook `n gees is en die nodige bekwaamheid het om goed en waar en kwaad en sleg te onderskei en ook om haarself die goeie en ware haar eie te maak en die kwade en slegte uit haarself te ban; maar die siel is desondanks geen ongeskapene nie, maar `n geskape gees en kan daarom as sodanig nooit die kindskap van God bereik nie.

[5] As sy egter volgens die wet wat aan haar gegee is, die goeie en ware in alle nederigheid en beskeidenheid van haar hart en volgens die mee saam aangenome vrye wil wat aan haar deur God gegee is, doen, dan het so `n nederige, beskeie en gehoorsame wil, om dit maar konkreet uit te druk, `n egte hemelgewelf geword, omdat sy haarself nou ontwikkel het volgens die hemelse opgawe wat in die siel lê en dus heeltemal geskik is om die suiwer ongeskape goddelike in haarself op te neem.

# Lesing 02.06.17- Die ontstaan van ons aarde - Innerlike skepping van die siel

**VERVOLG van GJE Boek 1 Hfs 161.[6]**

Die suiwer Goddelike, oftewel die **ongeskape Gees** van God wat nou vir ewig geplaas word aan so `n hemelgewelf, is die **groot Lig**; maar die **siel** van die mens, wat deur die groot Lig dan ook omvorm word tot `n byna ewe groot lig, is die **tweede kleiner lig**, wat nou egter net soos die ongeskape groot Lig aan dieselfde uitspansel geplaas word en deur die ongeskape Lig omvorm word tot `n mede ongeskape lig, sonder om van haar natuurlike aard iets te verloor, maar om juis, met voorbehoud van volledige geestelike suiwerheid, oneindig baie te wen.

Want die siel van die mens sou op sigself nooit God in Sy suiwer geestelike wese kon sien nie en omgekeerd sou die suiwere ongeskape Gees van God nooit die natuurlike kon sien nie, omdat die materiële vir hierdie Gees nie natuurlik is nie. Maar in die boge-noemde volledige verbinding van die suiwer gees met die siel kan die siel deur die nuwe gees wat sy kry, God sien in Sy oergeestelike suiwerste wese, en die Gees kan dan deur die siel die natuurlike sien.

[7] Dit het Moses bedoel, as hy sê dat dit een groot Lig is wat die dag en een klein lig is wat die nag regeer en die tekens vasstel, dit wil sê: In al die Wysheid die oorsprong van alle verskynsels en van alle geskape dinge vasstel, en dus ook die tye, dae en jare, wat dieselfde is as: In alle verskynsels word die Wysheid, Liefde en Barmhartigheid van God herken.

[8] Die sterre, waaroor Moses ook spreek, is die tallose nuttige insigte wat die mens in al die afsonderlike dinge verkry, welke kennis natuurlik voortvloei uit die eerste belangrikste insig en daar aan dieselfde uitspansel geplaas word soos die twee hoofligte.

[9] Wel, dit is dan die vierde skeppingsdag waaroor Moses in sy Génesis spreek. Net soos die vorige drie het hierdie, soos maklik te begrype is, ontstaan uit dieselfde aand en oggend van die mens.

### *Die vyfde en sesde skeppingsdag*

162 **(Die Meester:)** "Omdat u My nou in die opsig geen meer verdere vrae stel oor hoe dit dan met die vyfde en sesde skeppingsdag is nie, sê Ek u in kort, dat die daaropvolgende skepping van die hele dierewêreld en ten slotte van die mens self niks anders beteken as die geheel en al tot lewe kom en die sekerlike voltooiing van alles wat die mens van nature in homself het.

[2] Sy see en al sy waters vul hulleself met lewe, en die mens herken en aanskou in sy nou suiwer goddelike ongeskape lig die onbeperkte en eindelose afwis-selende oorvloed van die skeppingsidees en skeppingsvorms en begin op hierdie wyse sy suiwer goddelike afkoms te verwesenlik. En die verhaal van die skepping van die eerste mens is die beeld van die algehele menswording, of die verkryging van die volmaakte kindskap van God.

Gen 1:23 En dit was aand en dit was môre, dit was die vyfde dag.

Gen 1:24 En Elohim het gesê: Laat die Aarde voortbring 'n lewende siel volgens haar spesie: vee, kruipende diere en wilde diere van die Aarde volgens haar spesie. En dit was so.

Gen 1:25 En Elohim het die wilde diere van die Aarde gemaak volgens haar spesie en die vee volgens haar spesie en al die diere wat op die Adamah[adamiet se Aarde] kruip, volgens hulle spesie. Toe sien Elohim dat dit suiwer was.

Gen 1:26 En Elohim het gesê: Laat ONS adamiete maak na ONS beeld, na ONS gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die Hemele en oor die vee en oor die hele Aarde en oor al die diere wat op die Aarde kruip.

Gen 1:27 En Elohim het die adamiet geskape na SY beeld; na die beeld van Elohim het HY hom geskape; man en vrou het HY hulle geskape. [Maleagi 2:15]

Gen 1:28 En Elohim het hulle geseën, en Elohim het gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die Aarde, onderwerp haar en heers oor die visse van die see en die voëls van die Hemele en oor alle lewende wesens wat op die Aarde beweeg. [Wysheid van Salomo 10:2]

Gen 1:29 Verder het Elohim gesê: Ek gee nou aan julle al die plante wat saad gee, wat op die hele Aarde is, en al die bome waar boomvrugte aan is, wat saad dra. Dit sal julle voedsel wees.

Gen 1:30 Maar aan al die lewendes van die Aarde en al die voëls van die Hemele en al die kruipende diere op die Aarde, waarin 'n lewende siel is, die groen plante as voedsel. En dit was so.

Gen 1:31 Toe sien Elohim dat alles wat HY gemaak het, baie suiwer was. En dit was aand en dit was môre, dit was die sesde dag.